# HOOFSTUK VI.

## VERKIESING, INSWERING, DIENSVOORWAARDES EN UITDIENSTREDING VAN DIE STAATSPRESIDENT.[1]

### 1. Kwalifikasies van die staatspresident.

Nie enige persoon kon in die Z.A.R. tot staatspresident gekies word nie. Anders as in die geval van die Republiek van die O.V.S., is deur die Grondwet van die Noord-Vaalse Republiek sekere vereistes neergelê, waaraan 'n persoon moes voldoen alvorens hy die kandidatuur vir die presidentskap op hom kon neem en tot die hoë amp verkies kon word. Hierdie vereistes was alreeds in die Stuart-konsep-grondwet van 1855[2] opgeneem, en is onveranderd in die finale Grondwet van 1858 aanvaar.[3] Met die neerlê van sodanige vereistes het die Z.A.R. die selfde weg gevolg as die destydse buitelandse republieke, waarvan dié van die V.S.A. en Switzerland die belangrikste was,[4] terwyl die O.V.S. in dié opsig 'n eie afsonderlike posisie ingeneem het. So lank as wat laasgenoemde Republiek bestaan het, is daar nooit vir enige kwalifikasies waaraan 'n aspirant-staatspresident moes voldoen,

---

[1] Hoewel die titel van die hoof-uitvoerende amptenaar van die Z.A.R. in 1858 as President van die Uitvoerende Raad vasgestel is, is dit in 1866 verander tot Staatspresident.

[2] Art. 34 van die Konsep. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.3, bl. 383).

[3] Art.61 van Grondwet (1858). (Ibid., bl.503; Locale Wetten der Z.A.R., 1849-1885, bl.43; Eybers: a.w., bl.376). Wanneer in hierdie en die volgende hoofstukke na die Grondwet van die Z.A.R.(1858) verwys word, sal nie elke keer die publikasie-verwysing vermeld word nie aangesien slegs van die tekste, wat in genoemde drie werke gepubliseer is, gebruik gemaak word.

[4] Konstitusie van die V.S.A., art.II, seksie 1(4) bepaal: "No person except a natural-born citizen, or a citizen of the United States, at the time of the adoption of this Constitution, shall be elegible to the office of President; neither shall any person be elegible to that office who shall not have attained to the age of thirty-five years, and been fourteen years a resident within the United States." (Die Konstitusie van die V.S.A. is as bylaag gepubliseer o.a. in J.H.Ferguson & D.E.McHenry: The American Federal Government, New York, 1947, en in A.H.Kelly & W.A.Harbison: The American Constitution, New York, 1948). Hoewel die Switzerse president nie direk deur die volk as president gekies is nie, moes ook hy aan sekere vereistes voldoen voor hy die hoë amp kon beklee. (Kyk Konstitusie van Switzerland, hoofstuk II(2), artt.96-98; hoofstuk II(1)A, artt. 74-75. Hierdie Konstitusie is gepubliseer in J.M. Vincent: Government in Switzerland, New York, 1918).

voorsiening gemaak nie.[5)]

By die totstandkoming van die Grondwet van die Z.A.R. is bepaal dat 'n kandidaat vir die presidentskap aan vier besondere vereistes moes voldoen.[6)]

(a) Burgerskap.

Geen persoon kon 'n kandidaat wees as hy nie minstens vyf jaar 'n stemgeregtigde burger van die Z.A.R. was nie. Vir so 'n bepaling hoef geen verklaring gesoek te word nie want vir elke volk is dit doodnatuurlik dat die hoof van die staat 'n landsburger sal wees. Tog sien Scholtz in die feit dat die Konstitusie van die O.V.S. nie so 'n bepaling bevat het nie, dié belangrike voordeel dat aangesien die Afrikaners in die state, wat die Vrystaatse Republiek omring het,

> "in geen enkele opsig van die Vrystaters verskil het nie,"

hulle ook buite die grense van hulle staat na 'n persoon kon soek om die belangrike presidentsamp te beklee.[7)] Drie van die Vrystaatse presidente, naamlik Boshof, Pretorius en Brand was dan ook nooit voor hulle verkiesing burgers of inwoners van die Republiek nie.

Na die mislukte optrede van president Pretorius in verband met die diamantvelde, waarop sy bedanking as president gevolg het, het die Volksraad van die Z.A.R. gevoel dat hulle 'n bekwame persoon aan die hoof van hulle staat moes kry, sodat hy in staat sou wees om die Britse beleid en diplomasie die hoof te bied. Aangesien die oë na buite die grense van die Republiek gerig was, en wel op ds. T.F.Burgers van Hanover, 'n persoon wat o.a. deur president Brand van die O.V.S. baie sterk vir die presidentskap van die Z.A.R. aanbeveel is, was dit noodsaaklik om o.a. dié wysiging in die Grondwet aan te bring waardeur die bepaling dat so 'n persoon 'n burger van die staat moes wees, sou verval.[8)] Na 'n taamlike lang bespreking in die Volksraad, waaruit duidelik blyk dat 'n groot gedeelte

---

5) Vgl. ook Scholtz: a.w., bl.100.

6) Vir al vier vereistes kyk Grondwet (Z.A.R.),1858, art.61.

7) Scholtz: t.a.p., bl.100. Kyk ook F.R.Cana: South Africa from the Great Trek to the Union, London, 1909, bl.43, voetnoot 1.

8) Vgl. ook Engelbrecht: Thomas Francois Burgers, Pretoria en Kaapstad, 1933, bll. 100-101.

van die volk[9] en Volksraadslede ten gunste van die verwydering van so 'n beperking was, is eindelik met meerderheid van stemme besluit dat 'n kandidaat vir die aanstaande presidentsverkiesing

> "op den dag zyner benoeming geen burger van deze Staat (behoeft) te wezen."[10]

Sodoende is die weg vir Burgers tot die presidentskap geopen.

Hoewel hierdie nuwe bepaling op die wetboek gestaan het, het die burgers van die Z.A.R. hulle in 1883 weer binne hulle landpale bepaal toe hulle om vanselfsprekende redes vir S.J.P.Kruger as staatspresident gekies het. Kort voor die presidentsverkiesing van 1888 het die kwessie van die burgerskap van kandidate weer in die Volksraad te berde gekom toe twee memories,[11] waarin gevra word dat geen lede van die Volksraad of geen amptenaar gekies of aangestel mag word as hulle nie seuns van die land en in die Republiek gebore was of vóór 1880 vaste inwoners en grondbesitters in die Republiek was nie. Daarby moes hulle manne wees wat getoon het en nog toon dat hulle aan land en volk getrou is.

Hoewel die amp van staatspresident nie in die memories genoem is nie, wek dit geen verbasing dat die Volksraadslede in hulle bespreking van die memories die saak ook op die presidentskap tuisgebring het nie. Lid Taljaard was die eerste persoon wat dit as sy oortuiging uitgespreek het dat dieselfde beginsels ook ten opsigte van die staatspresident moes geld, terwyl president Kruger op 'n heel oortuigende wyse met die oog op wat die ervaring in die verlede geleer het, daarop gewys het hoe noodsaaklik dit was dat 'n burger van die staat die leiding op hom moes hê, net soos dit in Engeland en Europa die geval was. Op kenmerkende wyse het die Staatspresident die Volksraad vermaan:

---

[9] Vgl. bv. E.V.R.113, Pakkie 86, memories no.199 & 219 (albei sonder datum en blykbaar afkomstig uit Potchefstroom, onderteken deur 65 en 24 persone onderskeidelik); memorie no.278 (sonder adres en datum, onderteken deur 17 persone); E.V.R.112, Pakkie 83: memorie, d.d. Potchefstroom, 26 Okt.1886 (44 handtekeninge).

[10] E.V.R.10, Volksraadsnotule (Z.A.R.), art.280, 6 Nov. 1871. Kyk die Aanhef van Wet 4/1871 (Regelende de Kiezing van eenen Staatspresident der Z.A.R.). (Locale Wetten der Z.A.R., 1849-1885, bl.450).

[11] V.R.36/87, d.d. Zoutpansberg, 11 April 1887 (40 handtekeninge) en V.R. 128/87, d.d. Pretoria-distrik, April 1887 (108 handtekeninge).

".... zie naar Gods bestier in onze lotgevallen, naar wat er vroeger is geschied; hoe de Heer ons heeft getoond waar we verkeerd waren; hoe Hy ons heeft gesegend wanneer we Hem zochten. Volgens het Oude Testament werd Israël gestraft als het vreemdelingen liet heerschen als hoofden over Zyn kinderen, en het verkeerde daarvan was ook ons onder ons volk duidelyk geworden ... als men het land wil bewaren, laat de zonen des lands het regeren en dan zal de Heer Zyn zegen niet onthouden."

Nadat nog ʼn hele paar Volksraadslede uitvoerig oor die saak gespreek het, kon die Volksraad geen finale besluit neem nie en is besluit om die memories na die Regering te verwys met die opdrag om ʼn konsepwet oor die kwalifikasies van amptenare, sover moontlik in die gees van die memories, by die volgende sitting aan die Volksraad voor te lê.[12)]

Ander memorialiste het die Volksraad direk en dringend versoek om te bepaal dat geen persone buite die Republiek en wat nie minstens 30 jaar in die land gewoon het, as kandidate in die aanstaande verkiesing toegelaat moes word nie,[13)] maar ook hierdie memorie is na ʼn kort bespreking na die Regering verwys.[14)]

In 1889 was die saak egter nog onveranderd en het ʼn kandidaat nog nie nodig gehad om op die dag van sy benoeming ʼn burger van die staat te wees nie.[15)] Gedurende die volgende jaar, nadat ʼn Tweede Volksraad[16)] in die lewe geroep is om die steeds aangroeiende Uitlander-bevolking wat met allerlei eise gekom het, tegemoet te kom, is daar egter rede gevind om die staatspresidentskap van die Z.A.R. vir burgers van die Republiek te reserveer en is bepaal dat die president gekies sou word uit en deur die burgers wat vir die Eerste Volksraad kiesgeregtig was.[17)] Hoewel in 1899 weer ʼn wysiging ten opsigte van

---

12) Volksraadsnotule (Z.A.R.), art.552, 14 Junie 1887; ibid., artt.553-554, 15 Junie 1887. (Byvoegsel tot die Staatscourant, 10 Aug.1887).

13) V.R.R.195/87: memorie, d.d. Middelburg-distrik, 12 April 1887 (36 handtekeninge).

14) Volksraadsnotule (Z.A.R.), artt. 702-703, 25 Junie 1887. (Byvoegsel tot Staatscourant, 24 Aug.1887).

15) Grondwet (Z.A.R.), 1889, art.56. (Locale Wetten der Z.A.R., 1888-1889, bl.180).

16) Kyk G.J.Coertze: Die Tweede Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek. (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1944).

17) Wet 6/1890 (synde wysiging van Grondwet), art.1. (Locale Wetten der Z.A.R.,1890-1893, bll.29-30). Ook Wet 2/1896 (Grondwet), art.81. (Ibid., 1896, bl.44).

die artikel voorgestel is,[18] is slegs 'n verandering in die bewoording aanbeveel, maar het die betekenis daarvan dieselfde gebly. Weens omstandighede het die Volksraad die behandeling van hierdie gewysigde artikel tot 'n later geleentheid uitgestel,[19] en die finale afhandeling daarvan is deur die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog verydel.

(b) Godsdiens en kerklidmaatskap.

Net soos die Vrystaatse Konstitusie ten opsigte van 'n burgerskapsbepaling van ander republikeinse grondwette verskil het, het die Grondwet van die Z.A.R. van alle ander grondwette verskil deur te eis dat 'n persoon wat vir die presidentskap in aanmerking wil kom, 'n lidmaat van die Nederduits Hervormde Kerk moes wees.[20] As die kerkstryd in Transvaal gedurende die jare vyftig in gedagte gehou word, asook die feit dat genoemde kerk tot staatskerk van die Republiek verklaar is,[21] kom hierdie bepaling nie vreemd voor nie. So 'n bepaling kon egter nie lank staande bly nie want met die ontwikkeling van die Nederduits Gereformeerde Kerk en die totstandkoming en uitbreiding van die Gereformeerde Kerk, het dit later nodig geword om die bepaling te hersien, veral ook toe ds. Burgers van die Nederduits Gereformeerde Kerk as die aangewese persoon vir die presidentskap beskou is. Buitendien het die bepaling, soos dit was, die kring waaruit 'n staatspresident gekies kon word, ontsettend verengr.[22] Toe die saak in die Volksraad op voorstel van die Waarnemende President ter sprake was, het verskeie lede dit as hulle eie en as hulle kiesers se begeerte uitgespreek dat daar 'n verandering in artikel 61 van die Grondwet gemaak moes word, en het raadslid Moodie daarop gewys

> "dat niet genoeg vryheid wordt gegeven aan het volk om een President te kiezen, dat zelfs met betrekking tot de Kerk, waaruit het hoofd van ons Staat moet gekozen worden een groot gedeelte burgers van hunne regten ontstoken worden ...."

---

18) Konsep-grondwet, 1899, art.66. (Opgeneem in Notule Eerste Volksraad, art.594, 25 Julie 1899).

19) Notule Eerste Volksraad, art.764, 7 Aug.1899; ibid., art.768, 8 Aug. 1899.

20) Grondwet (Z.A.R.), 1858, art.61.

21) Kyk Engelbrecht: Die Geskiedenis van die Ned. Herv. Kerk van Afrika, hoofstuk VI.

22) Vgl. E.V.R.113, Pakkie 86: memories no. 199 en 219. (Kyk voetnoot 9 van hierdie hoofstuk).

Dit was die byna algemene gevoel van die Volksraad om hierdie bepaling so te verander dat 'n kandidaat vir die presidentsamp aan 'n Potestantse Kerk moes behoort,[23] en vir die res van die bestaan van die Republiek is in die verband geen verandering weer aangebring nie.[24] Vanweë hierdie veranderde bepaling was dit moontlik om vir Burgers, en daarna vir Kruger, lidmaat van die Gereformeerde Kerk, as staatspresident te kies.

Hoewel die O.V.S. geen bepaling van dié aard in sy Konstitusie neergelê het nie, het die Volksraad tog in 1854 besluit, om ontevredenheid in die land te voorkom, dat geen amptenare van die Rooms-Katolieke Kerk aangestel mag word nie.[25] Blykbaar was die bepaling ook op die staatspresidentsamp van toepassing, hoewel dit nie in soveel woorde gesê was nie. In 1880 het president Brand egter 'n konsep-ordonnansie aan die Volksraad voorgelê waarin voorgestel is dat die beperking opgehef moes word. Die besluit van 1854 was s.i. in stryd met die Konstitusie, wat alle persone gelyk voor die wet stel, en buitendien is by enkele geleenthede die aanstelling van Rooms-Katolieke amptenare deur die Volksraad goedgekeur. Aangesien die O.V.S. 'n vrye land was, moes almal, afgesien van hul godsdienstige belydenis, gelyke regte hê, en kon ten opsigte van betrekkinge in die openbare diens nie teen Rooms-Katolieke gediskrimineer word nie.[26] Ten spyte van besware in memories en deur enkele Volksraadslede geopper, was die meerderheid van die Volksraad ten gunste van die totstandkoming van so 'n ordonnansie.[27] Raadslid Klopper het dit egter wenslik geag dat in die ordonnansie bepalings ingesluit sou word waardeur die presidentsamp vir 'n Rooms-Katoliek ontoeganklik sou wees,[28] en toe raadslid Myburgh sterk op so 'n bepaling aangedring het, was president Brand se opinie dat dit op die Konstitusie inbreuk sou maak en dat die Konstitusie

---

23) E.V.R.10: Volksraadsnotule (Z.A.R.), art.280, 6 Nov. 1871; Wet 4/1871, Aanhef. (Locale Wetten der Z.A.R., 1849-1885, bl.450)

24) Kyk Grondwet, 1889, art.56. (Locale Wetten der Z.A.R., 1888-1889, bl.180); Wet 6/1890, art.1. (Ibid., 1890-1893, bl.30); Wet 2/1896, art.81. (Ibid.,1896, bl.44).

25) Volksraadsnotule (O.V.S.), 9 Sept.1854. (S.A.Argiefstukke, O.V.S., no.1, bl.74). Hierdie besluit is later opgeneem in Ordonnansie 6/1877, art.1.

26) Volksraadsnotule (O.V.S.), 18 Mei 1880.

27) Ordonnansie 4/1880 (O.V.S.).

28) Volksraadsnotule (O.V.S.), 18 Mei 1880.

eers op die voorgeskrewe wyse gewysig sou moes word, iets wat nooit gebeur het nie. Nadat ander lede ook hulle sienswyse teen so ʼn bepaling ten opsigte van die presidentsamp meegedeel het, is die diskussie gestaak,[29] sodat ook ʼn persoon van die Rooms-Katolieke geloof as staatspresident van die O.V.S. gekies kon word. Dit het egter nooit gebeur nie.

(c) Ouderdom.

In die Z.A.R. is die minimum ouderdomskwalifikasie vir ʼn staatspresident op dertig jaar gestel en is met verloop van jare geen verandering daarin aangebring nie.[30] Hoewel in die O.V.S. nie ʼn sodanige bepaling bestaan het nie, is daar in elk geval nooit ʼn president wat jonger as dertig jaar was, gekies nie. ʼn Maksimun ouderdomskwalifikasie het in geeneen van die twee Republieke bestaan nie.

(d) Onterende vonnis.

ʼn Laaste vereiste deur die Grondwet van die Z.A.R. gestel, was dat geen persoon wat ʼn onterende vonnis teen hom gehad het, as staatspresident gekies kon word nie, en ook dié bepaling het tot aan die einde van die bestaan van die Republiek in die Grondwet gebly.[31] Blykbaar was die Regering, Volksraad en volk van die Republiek heeltemal tevrede met hierdie bepaling en het hulle dit nooit nodig geag om vir hullself rekenskap te gee van wat met ʼn onterende vonnis bedoel word nie. In 1898 het die Regering dit egter om verskeie redes wenslik geag om oor hierdie saak duidelikheid te verkry en is ʼn konsepwet[32] aan die Eerste Volksraad ter behandeling voorgelê,[33] waarin ʼn onterende vonnis omskrywe word as

> "een vonnis houdende veroordeeling tot de doodstraf, tot verbanning, tot geeselslagen of tot gevangenisstraf met hardenarbeid als hoofdstraf opgelegd."[34]

---

29) Ibid., 20 Mei 1880.

30) Grondwet (Z.A.R.), 1858, art.61; Grondwet, 1889, art. 56 (Locale Wetten der Z.A.R.,1888-1889, bl.180); Wet 6/1890, art.1 (Ibid., 189)1893); Wet 2/1896, art.81 (Ibid., 1896, bl.44).

31) Ibid.

32) Gepubliseer in Staatscourant, 1 Feb.1898.

33) S.S.B.B. 883/98: Staatssekretaris aan Eerste Volksraad, d.d. 2 Mei 1898. (Ook opgeneem in Notule Eerste Volksraad, art.466, 10 Junie 1898).

34) Konsepwet ré Onterende Vonnis, art.1. (Kyk voetnoot 32).

Hierdie omskrywing wat die goedkeuring van die volk weggedra het,[35] is egter na 'n lang bespreking[36] deur die Volksraad effens gewysig,[37] sodat die finale wetsartikel as volg gelui het:

> "Een onteerend vonnis is een vonnis houdende veroordeeling tot de doodstraf, tot verbanning, tot geeselslagen of tot gevangenisstraf met of zonder hardenarbeid als hoofdstraf opgelegd."[38]

In 1897 het die volk vanweë die aanvaarding van die kandidatuur vir die presidentsamp deur hoofregter J.G.Kotze, eers in 1892 en weer in 1897, dit nodig geag om by die Eerste Volksraad aan te dring op die daarstelling van nog 'n vereiste wat betrekking sou hê op staatsamptenare wat hullself vir die amp van staatspresident verkiesbaar stel.[39] Hulle versoek was dat die Volksraad, net soos in die geval van amptenare wat hulle vir die Volksraad verkiesbaar stel, moes bepaal dat

(e) <u>indien 'n amptenaar van die staat 'n uitnodiging om hom vir die presidentskap verkiesbaar te stel aanvaar, hy dadelik as amptenaar moet bedank</u>.

Hoewel die memorie-kommissie geen rede gevind het om by die Eerste Volksraad 'n sodanige aanbeveling te doen nie,[40] het die Volksraad na 'n baie lang bespreking, waarin hulle die saak vir hulleself eers uitgemaak het waarom die staatspresident, wat ook 'n amptenaar van die staat is, nie hoef te bedank wanneer hy 'n rekwisisie ontvang en dit aanneem nie,[41] besluit om aan die versoek van die memorialiste te voldoen en dat

> "geen ambtenaar, die in eenige betrekking, eene vaste aanstelling van Z.H.Ed. den Staatspresident heeft en als zoodanig een vast maandelyksch of jaarlyksch sa-

---

35) Kyk bv. memories no. E.V.R.834/98, E.V.R.837/98, E.V.R. 1027/98, E.V.R.1137/98. Al hierdie memories is te vinde in S.S.2103 onder R.8373/98.

36) Notule Eerste Volksraad, artt.635-636, 27 Junie 1898.

37) Ibid., art.687, 1 Julie 1898.

38) Wet 9/1898, art.1. (<u>Locale Wetten der Z.A.R.,1898</u>, bl. 22). Die Konsepwet wou in artt. 2 & 3 ook voorsiening maak dat 'n regter, as hy 'n vonnis van minder as een jaar hardearbeid vel, kon bepaal dat dit nie as 'n onterende vonnis sou geld nie, en dat die staatspresident en Uitvoerende Raad die reg sou hê om iemand teen wie so 'n onterende vonnis uitgespreek is, geheel of gedeeltelik van die gevolge wat 'n onterende vonnis sou meebring, te onthef. Daarvoor was die Eerste Volksraad egter nie te vinde nie. (Notule Eerste Volksraad, artt. 638-639, 27 Junie 1898; artt.640 &643, 28 Junie 1898).

39) E.V.R.192: Memories no. E.V.R.331/97, E.V.R.408/97, E.V.R.516/97, E.V.R.636/97 (tesame 226 handtekeninge).

40) E.V.R.192, E.V.R.331/97: Memorie-kommissierapport.

41) Notule Eerste Volksraad, art.649, 21 Julie 1897.

laris geniet, zich mag verkiesbaar stellen als candidaat voor de betrekking van Staatspresident, tenzy hy zyne bedanking als ambtenaar by de Regeering schriftelyk indient, vóór hy de bovenbedoelde candidatuur aanneemt."[42)]

Behalwe hierdie amptelike kwalifikasies, is in die Boere-republieke, net soos elders, ook nog na suiwer persoonlike kwalifikasies gekyk, wat van staat tot staat en van persoon tot persoon verskil het. Wat hulle van hulle onderskeie presidente verwag het, is vanselfsprekend nooit te boek gestel nie, behalwe 'n enkele keer in koerantartikels wanneer die volk op die vooraand van 'n presidentsverkiesing gestaan het.[43)]

2. Die verkiesing van 'n staatspresident.

Ten opsigte van die verkiesing van 'n staatspresident in die twee Boere-republieke, het die hele wyse van verkiesing en alles wat daarmee in verband gestaan het grootliks van dié van buitelandse republieke verskil. In die V.S.A. is vanweë die federale karakter van die staat 'n stelsel van indirekte kiesreg in die lewe geroep en het dit op 'n party-politieke basis plaasgevind.[44)] In Switzerland weer,is die president jaarliks uit die lede van die uitvoerende liggaam, die Bundesrat, gekies.[45)] Daarenteen is in die Boere-republieke van 'n direkte kiesstelsel gebruik gemaak en het die verkiesing vry van enige party-politieke invloede plaasgevind. Hoewel in hoofsaak ooreenstemmend, was daar ook ten opsigte van die verkiesing van die staatspresident in die twee Boere-republieke aanmerklike verskille.

(a) Die bepaling van 'n verkiesing.

In die Z.A.R. sowel as in die Republiek van die O.V.S. was dit die taak van die Volksraad om te besluit wanneer 'n presidentsverkiesing gehou moes word en om daartoe las te gee. In die O.V.S. is hierdie taak nie deur wetgewing gereël nie, terwyl in die Z.A.R. dit eers in

---

42) Ibid., art.652, 21 Julie 1897. Hierdie bepaling is opgeneem in Wet 2/1899, art.10 (Locale Wetten der Z.A.R., 1899, bl.6), met verandering van die woord "Regeering" tot "Staatspresident."(Notule Eerste Volksraad, artt. 62-63, 5 Mei 1899).

43) Vgl. bv. hoofartikels in The Friend, 19 Aug.1859, 19 en 23 Sept. 1859; De Volksstem, 11 Jan.1882.

44) I.v.m. die Amerikaanse presidentsverkiesing, kyk bv. Ferguson en McHenry: a.w., hoofstuk XI; Kelly en Harbison: a.w., bll. 133 e.v., 213 e.v.; W.B.Munro: The Government of the United States, 5th. ed., New York, 1947, bll.148-167.

45) Kyk Vincent: t.a.p., hoofstuk XVI.

1871 in 'n wetsartikel vasgelê is.[46] Sodra die onderskeie Volksrade besluit het dat 'n verkiesing sou plaasvind en op welke datum(s) dit moes geskied, moes die Uitvoerende mag so 'n kennisgewing met volle besonderhede ter kennisname van die volk publiseer.[47] In die O.V.S. is egter een uitsondering gemaak deur aan die Uitvoerende Raad die reg te verleen om 'n presidentsverkiesing te bepaal, maar alleen wanneer die gekose staatspresident sou weier om die amp te aanvaar.[48] Sodra van 'n aanstaande verkiesing kennis gegee is, is dwarsdeur die Republiek aan die werk gespring om die verkiesingsmasjienerie in orde te kry.

(b) Nominasie van kandidate.

In nie een van die twee Boere-republieke se Grondwette is vir die wyse van nominasie van kandidate vir die presidentsamp voorsiening gemaak nie, behalwe dat in die Konstitusie van die O.V.S. aan die Volksraad die reg verleen is om een of meer persone by die volk as kandidate aan te beveel.[49] Die O.V.S. het egter baie gou besef dat spesiale voorsiening vir die verkiesing, onder andere, van die staatspresident gemaak moes word en in 1856 het die Volksraad die hele verkiesingskwessie op 'n vaste basis geplaas.[50] Met betrekking tot die nominasie van kandidate is bepaal dat geen stemme wat op 'n persoon verenig word aangeneem sou word tensy so 'n persoon vooraf skriftelik uitgenooi is om 'n kandidaat te wees nie. So 'n skriftelike uitnodiging moes namens die Volksraad deur die voorsitter van die liggaam onderteken wees, of anders deur minstens 25 stemgeregtigde burgers. Hierdie uitnodiginge, met die naamtekeninge, en die antwoord(e) van

---

46) Wet 4/1871 (Regelende de Kiezing van eenen Staatspresident), art.1. (Locale Wetten der Z.A.R.,1849-1885, bl.450).

47) Vgl. bv. sodanige Regeringskennisgewing (no.343) in De Volksstem, 28 Sept.1890. In die O.V.S. is hierdie kennisgewings soms ook by wyse van 'n proklamasie, onderteken deur die voorsitter en sekretaris van die Volksraad, gepubliseer (bv. Gouvernements Courant, 24 Junie 1863). Kyk ook Ordonnansie 1/1856 (O.V.S.),art.1.

48) Volksraadsnotule, 17 April 1854. (S.A.Argiefstukke, O.V.S., no.1, bl.62).

49) Konstitusie (O.V.S.), 1854, art.27; ibid., 1866, art. 29. (Scholtz: a.w., bylaes 1 en 2 onderskeidelik).

50) Ordonnansie 1/1856, vervang deur Ordonnansie 2/1885. Kyk ook Wetboek van den Oranje-vrystaat 1854-1891, hoofstuk XXVII.

die uitgenodigde persone moes in die koerant gepubliseer word ten minste 28 dae voor die verkiesing sou plaasvind.[51] Voor die aanname van hierdie Ordonnansie, wat op voorstel van president Boshof geskied het, het die Volksraad by elke verkiesing sake opnuut gereël.[52]

In die Z.A.R. is die eerste president, M.W.Pretorius, nie deur die volk gekies nie, maar op 5 Januarie 1857 deur die Komitee van Volksverteenwoordigers aangestel.[53] By die totstandkoming van die Konstitusie van die O.V.S. is ook 'n eerste voorlopige president benoem in die persoon van J.P.Hoffman, terwyl 'n maand later 'n verkiesing gehou is om die pos permanent te vul. Die Volksraad het uit die staanspoor van sy bevoegdheid gebruik gemaak en vier kandidate vir die amp genomineer, uit wie Hoffman deur die volk gekies is.[54] Die Z.A.R. het nie hierdie weg gevolg nie en het in 1863 eers voor hulle eerste presidentsverkiesing te staan gekom. In die reëlings wat die Volksraad in verband met dié verkiesing getref het, kom niks voor van die nominasie van kandidate nie maar word die indruk geskep dat dit 'n vrye verkiesing sou wees.[55] Aangesien die gekose president, W.C. Janse van Rensburg, verskillende besware teen sy verkiesing geopper het, besware wat deur die Volksraad gebillik is,[56] is besluit om 'n nuwe verkiesing te laat plaasvind. Ook hier was geen sprake van nominasie van kandidate nie maar sou aan die landdros van elke distrik opdrag gegee word om toe te sien

"dat ieder stemgeregtigde burger vry kiest ...."[57]

Dat dit 'n vrye verkiesing was, blyk ook uit die feit dat, hoewel die oorgrote meerderheid van stemme op Van Rensburg en Pretorius gekonsentreer was, daar negentien kies-

---

51) Ordonnansie 1/1856, art.15; Ordonnansie 2/1885, art. 13; <u>Wetboek van den Oranje-vrystaat, 1854-1891</u>, hoofstuk XXVII, art.12. In die laasgenoemde artikel word die woord "koerant" vervang deur "Gouvernements Courant."

52) Scholtz: a.w., bll. 101-102.

53) Kyk bll. 217-218 van hierdie werk.

54) Scholtz: t.a.p., bl.101.

55) Volksraadsnotule (Z.A.R.), art.76, 15 April 1862. (<u>S.A.Argiefstukke</u>, Tvl., no.4, bll. 119-120).

56) Ibid., artt. 46-47, 27 Mei 1863. (Ibid., bll.162-163).

57) Ibid., art.77, 30 Mei 1863. (Ibid., bl.169).

lote vir verskillende persone was.[58] Presies dieselfde was die geval met die verkiesing wat aan die begin van 1864 plaasgevind het, toe M.W.Pretorius vir die tweede keer as president van die Republiek gekies is.

In 1868, toe die onrus en woelinge wat vir die haas en wanorde waardeur die vorige verkiesings gekenmerk was, feitlik verdwyn het, het die Volksraad besef dat vroegtydige reëlings getref moes word vir die aanstaande presidentsverkiesing, aangesien M.W.Pretorius se ampstermyn op 9 Mei 1869 verstreke sou wees. Derhalwe het die Volksraad 'n kommissie benoem om 'n rapport op te stel waarin die nodige bepalinge vir so 'n verkiesing vervat moes wees.[59] In hierdie rapport wat deur die Volksraad aanvaar is,[60] kom ook nie 'n enkele woord in verband met die nominasie van kandidate voor nie.

Toe in 1871, vanweë die bedanking van Pretorius, vir 'n nuwe verkiesing voorsiening gemaak moes word, het verskeie Volksraadslede vir die eerste keer van rekwisisies aan persone gespreek

> "om tydverlies voor te komen, ten einde zich te verzekeren van de aanneming van dat ambt door de personen gekozen."[61]

Dit was ook die algemene gevoel van die Raadslede dat die Volksraad self kandidate aan die volk moes voorstel, soos in die O.V.S. die geval was, maar om tog nog aan die burgers die vryheid te laat om self rekwisisies aan persone aan te bied.[62] Uiteindelik is besluit om dit aan die Uitvoerende Raad op te dra om 'n voorstel aan die Volksraad voor te lê oor hoe die verkiesing van 'n staatspresident moes plaasvind.[63]

Die Uitvoerende Raad het nie lank getalm nie en op 23 November het fungerende president Erasmus 'n konsepwet aan die Volksraad voorgelê,[64] waarvan art.2 bepaal het:

---

58) Ibid., art.20, 13 Okt. 1863. (Ibid., bl.181).
59) E.V.R.8: Volksraadsnotule (Z.A.R.), art.291, 19 Nov. 1868.
60) Ibid., art. 293, 19 Nov.1868.
61) E.V.R.10: Volksraadsnotule (Z.A.R.), art.360, 21 Nov. 1871.
62) Ibid. Die woorde waarin hierdie gevoel van die Volksraad weergegee word, is in die oorspronklike Notule deurgehaal en deur die voorsitter en sekretaris van die Raad geparafeer.
63) Ibid.
64) Opgeneem in E.V.R.10: Volksraadsnotule (Z.A.R.), art. 370, 23 Nov. 1871.

> "Niemand zal als Staatspresident verkiesbaar zyn, tenzy hy vooraf eene uitnoodiging of uitnoodigingen, te zamen onderteekend door minstens 100 stemgeregtigde burgers, heeft ontvangen, waarvan aan den Uitv. Raad kennis zal moeten gegeven worden, welke uitnoodiging, benevens het antwoord daarop éénе maand voor de kiezing van den Staatspresident plaats heeft in de Staatscourant zal moeten bekend gesteld worden."

Hierdie artikel is sonder bespreking algemeen deur die Volksraad aanvaar en het sodoende op die wetboek van die staat gekom.[65] Daarmee het ŉ nuwe ontwikkeling ten opsigte van die verkiesing van ŉ staatspresident sy intrede in die staatsreg van die Z.A.R. gedoen. Hoewel geen bewyse vir die volgende bewering aangevoer kan word nie, lyk dit tog waarskynlik dat hierdie aanbeveling van die Uitvoerende Raad gedoen is op grond van die praktyk in die O.V.S.

Die voordeel van so ŉ stelsel was natuurlik dat deur die aanname van ŉ rekwisisie deur ŉ persoon, die Volksraad en volk ŉ taamlike mate van sekerheid gehad het dat die kandidaat die amp sou aanvaar indien hy verkies sou word; ŉ sekerheid wat in ŉ heeltemal vrye verkiesing nie bestaan het nie. Deur die stelsel is ook verseker dat die stemme van die burgers slegs op ŉ paar kandidate gekonsentreer kon word, terwyl in ŉ vrye verkiesing vir feitlik net soveel persone gestem kon word as wat daar kiesers was, en laasgenoemde situasie, hoewel oordrewe gestel, kon vir die eenheid van die staat gevaarlik wees[66] en kon ook veroorsaak dat een kandidaat nie deur ŉ volstrekte meerderheid van stemme gekies word nie.

Aan hierdie stelsel van nominasie is tydens die verdere bestaan van die Republiek geen veranderinge gebring nie. Die Z.A.R. het nie in die spore van die O.V.S. gevolg om aan die Volksraad die bevoegdheid te gee om kandidate vir die presidentsamp by die volk aan te beveel nie. Hoewel in die O.V.S. die volk ook die reg gehad het om ander kandidate te nomineer, ŉ reg waarvan gebruik gemaak is, en ook nie nodig gehad het om vir die kandidaat of kandidate wat deur die Volksraad aan hulle voorgehou is, te stem nie,[67] het dit in die praktyk tog

---

65) Wet 4/1871, art.2. (Locale Wetten der Z.A.R.,1849-1885, bl.450).

66) Vgl. bv. The Friend, 14 Junie 1883 (hoofartikel).

67) Die volk is telkens wanneer die Volksraad ŉ kandidaat aan hulle voorgestel het, aan hierdie reg herinner. Vgl. bv. Proklamasies deur die voorsitter van die Volksraad in Gouvernements Courant, 13 Sept. 1859 en 26 Junie 1863.

daarop neergekom dat die kandidaat wat deur die Volksraad aan hulle voorgehou is, telkens as staatspresident gekies of herkies is, met een enkele uitsondering, nl. in 1859, toe die volk vir M.W.Pretorius gekies het terwyl die Volksraad vir J.J.Venter as kandidaat aanbeveel het.[68] Inderdaad het die geskiedenis van die O.V.S. getoon dat

> "de keuze van den Raad ... algemeen beschouwd (werd) als die van de vox populi ...."[69]

Die prosedure van nominasie van 'n kandidaat of kandidate deur die Volksraad is in 1859 neergelê. Elke Raadslid sou die reg hê om een kandidaat per geslote briefie te nomineer, waarná die Raad oor die genomineerde kandidate sou stem en diegene wat 'n volstrekte meerderheid verkry, sou deur die Volksraad as kandidate aan die volk voorgestel word.[70] Van hierdie prosedure is egter in 1880 afgewyk toe die Volksraad besluit het dat elke Raadslid terselfdertyd twee of meer kandidate kon nomineer,[71] en in 1893, toe besluit is om die stemming per geslote briefie deur 'n mondelinge stemming te vervang.[72]

Teen hierdie stelsel van nominasie is ook ernstige bedenkinge geopper, veral wanneer die Volksraad daartoe sou oorgaan om twee kandidate aan die volk voor te stel. Dit sou dan vir die Volksraadslede 'n moeilike saak gewees het om met twee of meer kandidate na die volk te gaan en die keuse aan laasgenoemde oor te laat. Dit kon 'n skadelike uitwerking hê op die invloed wat die Raad op die land kon uitoefen. Daarby is ook beswaar geopper teen die rond en bont uitstrooi van komplimente wat gewoonlik met die nominasie deur die Raad gepaard gegaan het.[73] Gelukkig het dit in die praktyk tot geen ernstige moeilikhede aanleiding gegee nie omdat die Volksraad gewoonlik slegs een kandidaat aan die volk voorgehou het.

(c) Verkiesingsveldtog.

'n Belangrike kenmerk van die verkiesing van 'n staatspresident in albei die Boere-republieke was dat die

---

[68] Scholtz: a.w., bl.87; J.M.Orpen: Reminiscences of Life in South Africa from 1846 to the present day with historical Researches, Durban, 1915, bl.350.

[69] The Friend, 6 Junie 1893 (hoofartikel).

[70] Volksraadsnotule (O.V.S.), 6 Sept. 1859.

[71] Ibid., 20 Aug. 1888.

[72] Ibid., art. 223, 1 Junie 1893.

[73] De Express, 13 Des. 1895 (hoofartikel).

tydperk vanaf die nominasie van die kandidate tot met die verkiesingsdag of verkiesingstyd baie stil verloop het, met uitsondering van die laaste tien jaar van die bestaan van die Republieke. ŉ Genomineerde kandidaat het nooit daaraan gedink om ŉ verkiesingsveldtog van stapel te stuur nie maar het volstaan met die antwoorde wat hy op die verskillende aan hom gerigte rekwisisies gegee het. Hierdie antwoorde was nie net blote geskrifte waarin sodanige kandidate verklaar het dat hulle die nominasies aanvaar het nie, maar was gewoonlik ook beleidsverklaringe of verkiesingsmanifeste, sowel as ŉ uiteensetting van die voornemens van so ŉ kandidaat indien hy verkies sou word.[74] Kandidate was met die inligting wat hulle deur hierdie beleidsverklaringe aan die volk gegee het, heeltemal tevrede en het dit nie nodig geag om deur middel van verkiesingsveldtogte hulle onderskeie kandidature te bevorder nie. Hierdie houding van Boere-kandidate het in ŉ skerpe teëstelling gestaan met die besonder intense verkiesingsveldtogte wat van die Amerikaanse presidentsverkiesing kenmerkend was. Hoewel geen geskrewe reël van die Republieke die kandidate belet het om verkiesingsveldtogte te hou nie, moet die oorsaak vir die afwesigheid daarvan ongetwyfeld gesoek word in die algehele afwesigheid van politieke partye wat fundamenteel van mekaar verskil het. Kandidate het nie as leiers van politieke groepe opgetree nie, maar as volksleiers, hoewel elkeen sy persoonlike aanhang gehad het.[75] Na aanleiding van die 1893-verkiesing in die Z.A.R. het een van die leidende koerante die saak baie helder gestel:

> "Goed beschouwd staat het volk der Z.A.Republiek thans niet voor eene keuze tusschen differente politieke beginselen, maar voor een keuze tusschen twee personen. In den grond der zaak vertegenwoordigen de heeren Kruger en Joubert dezelfde neigingen en gevoelens die by de meerderheid onzer burgers aanwezig zyn, met dit onderscheid dat een luidruchtige groep van 'outsiders' zich ingedrongen hebben in de Jouberts-gezinde gelederen, met de hoop om van een eventuele politieke onzekerheid en wankelmoedigheid onder de burgers te zullen profiteeren ...."[76]

---

[74] Vgl. Scholtz: t.a.p., bl.103. Kyk o.a. die antwoorde van Burgers (Engelbrecht: <u>T.F.Burgers</u>, bl.108; <u>Staatscourant</u>, 22 Nov.1876, 29 Nov. 1876); dié van Kruger (J.S. du Plessis: a.w., bll.17-37); dié van Steyn (<u>Gouvernements Courant</u>, 20 Des. 1895) en ŉ bespreking van laasgenoemde antwoord (N.J. van der Merwe: <u>Marthinus Theunis Steyn I</u>, Bloemfontein, 1921, bll.64 e.v., en A.Kieser: <u>President Steyn en die Krisisjare 1896-1899</u>, hoofstuk 1).

[75] Vgl. bv. die Burgers-party (Engelbrecht: ibid., bl.260); Kruger-party en Joubert-party ná 1881.

[76] <u>De Volksstem</u>, 11 Jan. 1893 (hoofartikel).

Die eerste persoon wat in die Z.A.R. hierdie ongeskrewe reël verbreek het, was blykbaar hoofregter J.G.Kotze, wat in 1893 saam met Kruger en Joubert 'n kandidaat vir die presidentskap was. Volgens koerantberigte het hy met die oog op die bevordering van sy kandidatuur o.a. Potchefstroom en Johannesburg besoek[77)] en het hy te Wakkerstroom 'n byeenkoms van burgers toegespreek waarin hy

> "zyne kandidatuur verdedigde en zyn voorgenomen politiek uiteenzette."[78)]

Kotze het selfs nie geaarsel om 'n ope brief in die pers aan die adres van president Kruger te rig, waarin hy 'n volledige opgawe van redes gee wat hom genoop het om die nominasie as kandidaat te aanvaar nie.[79)] So iets was in die Z.A.R. ongehoord.

Blykbaar in navolging van die voorbeeld deur Kotze gestel, het P.J.Joubert ook begin om vergaderinge toe te spreek,[80)] maar skynbaar nie op so 'n groot skaal as Kotze nie. Kruger self het twee belangrike toesprake gehou, naamlik te Boksburg en Krugersdorp.[81)]

In 1895 het dieselfde verskynsel hom in die Vrystaatse Republiek voorgedoen toe kandidaat J.G.Fraser verkiesingsreise onderneem en vergaderinge toegespreek

---

77) De Volksstem, 26 Julie 1892 (berig).

78) Ibid., 19 en 20 Okt. 1892. In dieselfde koerant is ook nog 'n berig uit Wakkerstroom wat meld dat Kotze uitgenooi is na die vergadering "om de ophanden zynde verkiezing van Staatspresident ons te willen toelichten en toespreken, vooral met betrekking tot zyn eigen kandidatuur." In De Volksstem, 19 Okt.1892 verskyn 'n brief van Een Burger waarin meegedeel word dat Kotze 'n vergadering te Lydenburg bygewoon en toegespreek het, asook 'n lang verslag van lg. vergadering.

79) De Volksstem, 9 Aug.1892.

80) Ibid., 14 Jan. 1893 (berig). In 'n hoofartikel het De Volksstem (1 Nov.1892) vir Joubert en sy ondersteuners beskuldig dat hulle Amerikaanse nuwighede, waarvoor geen behoefte bestaan nie, in die land invoer.

81) J.F.van Oordt: Paul Kruger en de Opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek, Amsterdam en Kaapstad (1898), bll.572-573. Van Oordt noem hierdie toesprake van Kruger in dieselfde verband as die verkiesingstoesprake van Joubert en Kotze. Dit moet egter onthou word dat Kruger as staatspresident jaarliks 'n reis deur die land moes onderneem, by welke geleenthede hy altyd "politieke" toesprake gehou het. Hierdie toesprake te Boksburg en Krugersdorp is tydens sy amptelike reis gehou en dat hy dit op die aanstaande verkiesing sou toespits deur sy beleid te verkondig, is te begrype. In die opsig het 'n staatspresident, indien hy weer genomineer word, 'n groot voorsprong bo ander kandidate gehad.

het.[82] In die O.V.S. het hierdie optrede beslis verontwaardiging gewek en 'n koerantredakteur het ongetwyfeld die gevoel van 'n baie groot gedeelte van die bevolking vertolk toe hy as volg geskrywe het:

> "Wy vertrouwen dat rechter Steyn niet het voorbeeld van den heer Fraser zal volgen als deze het land gaat doorreizen om overal kiezersvergaderingen toe te spreken. Dit is een verandering in de wyze van stryd voeren by de verkiezing van Staatspresident, en 't is geen verbetering. President Brand zou zoo iets nooit gedaan hebben, en President Reitz evenmin, en die praktyk is in andere en grootere republieken ook niet bekend. 'Laat de eer den man zoeken en niet de man de eer,' zooals iemand op de bekende Haasbroek-vergadering zei.[83] Er is gelegenheid genoeg voor elken kandidaat om by wyze van antwoorden op rekwisities zyne zienswyzen aan het volk bekend te stellen. Het vormen van centrale comités, het stichten van fondsen voor verkiezings-doeleinden en wat des meer zy, het zyn allemaal nieuwigheden waar het land geen behoefte aan heeft, en waar geen reden van bestaan voor is."[84]

In die Z.A.R. is sedert 1882 deur die koerante vir sekere kandidate propaganda gemaak.[85] Met die oog op die presidentsverkiesing van 1892/93, toe drie kandidate in die veld was, het die koerante hulle propaganda-veldtog aansienlik versterk.[86] Wat van die koerantartikels veral kenmerkend was, was nie alleen die heftigheid waarmee hulle hulle gunsteling-kandidaat verdedig het nie, maar dat hulle ook nie geaarsel het om die opponent-kandidaat die grofste beledriginge teen die hoof te slinger nie.[87] Briewe van privaat perone het ook nie ontbreek nie.[88] Selfs spot en grap het 'n belangrike

---

[82] Scholtz: a.w., bl.104; Van der Merwe: a.w., bll.63-64; Kieser: a.w., bll.4-5.

[83] N.J. van der Merwe verklaar dat Steyn self hierdie wyse woorde uitgespreek het (t.a.p., bl.64).

[84] De Express, 24 Des. 1895 (tweede hoofartikel).

[85] Vgl. bv. De Volksstem, 5 Julie 1882 (hoofartikel), waarin vir Kruger propaganda gemaak word. Onafhanklike persone het ook briewe in die koerante ten gunste van Kruger gepubliseer. (Vgl. brief van "A.B.", d.d. 20 Junie 1882 in De Volksstem, 21 Junie 1882). Vgl. ook hoofartikels in De Volksstem, 11 Jan. 1882, 25 Jan. 1882, 28 Junie 1882, 12 Jan. 1888, ens.

[86] Propagandiste vir Kruger was o.a. De Volksstem, vir Joubert, Land en Volk en die Transvaal Times, terwyl Kotze nie baie sterk ondersteuning gekry het nie.

[87] Vgl. bv. De Volksstem, 16 Aug. 1892; Van Oordt: a.w., bll. 573-574.

[88] Ibid., 2 Aug.1892, 3 Aug. 1892, 30 Aug. 1892, 6 Sept. 1892, ens.

plek in hierdie propaganda ingeneem.[89]

Die presidentsverkiesing van 1892/93[90] het ook nog 'n ander nuwigheid in die Z.A.R. na vore gebring, naamlik die vorming van kandidate- of verkiesingskomitees deur ondersteuners van die verskillende kandidate, met die doel om deur middel van manifeste en vergaderinge die kandidatuur van hulle gunstelinge te bevorder. Hierdie komitees is gewoonlik sonder toedoen van die kandidaat gevorm.[91]

Aangesien die kandidate geen verkiesingsveldtogte van stapel gestuur en geen ander middele aangewend het om hulle onderskeie sake te bevorder nie, spreek dit vanself dat 'n kandidaat vir die presidentsamp geen onkoste aangegaan het om verkies te word nie. Ook hierdie reël is in 1892 verbreek, veral deur die rondreise van hoofregter Kotze, sodat die Eerste Volksraad verplig was om te besluit om dit aan die Uitvoerende Raad op te dra

> "nauwkeurig toe te zien dat by alle verkiezingen die gehouden mochten worden, geen geld, noch direct, noch indirect, door eenig candidaat besteed worde, en zulke orders of instructies te geven als de Uitvoerende Raad wenschelyk zal achten ten einde de Kieswet behoorlyk te doen handhaven, opdat er by eenige verkiezing die gehouden mocht worden geen ongeregeldheden plaats vinden, zooals byvoorbeeld het openzetten van kantiens als anderszins om kiezers aan te lokken voor zekere candidaten hunne stemmen uit te brengen."[92]

Hoewel die 1898-verkiesing in die Z.A.R. nie so fel was soos dié in 1893 nie, het dit wat verkiesingsveldtogte betref, nie veel van dié van 1893 verskil nie, behalwe dat geen verkiesingskomitees in die lewe geroep is nie omdat dit in 1894 deur die Eerste Volksraad verbied is.[93]

---

89) Vgl. bv. die twee spottende verkiesingsmanifeste wat vir gebruik deur kandidate aanbeveel word in De Volksstem, 13 Aug. 1892 en die denkbeeldige samesprake tussen burgers, waarin die goeie en slegste hoedanighede van die verskillende kandidate bespreek word (Ibid., 6 Sept. 1892, 7 Sept 1892, 13 Sept. 1892, ens.).

90) Hierdie verkiesing word volledig behandel deur J.A. Mouton: Generaal Piet Joubert in die Transvaalse Geskiedenis, hoofstuk XIII.( Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1949).

91) Vir berigte aangaande die vorming van sodanige komitees en verslae van vergaderings, kyk o.a. De Volksstem, 9, 17, 30 Aug.1892 en 1 Nov. 1892.

92) Notule Eerste Volksraad, art.1024, 2 Aug.1892. (Locale Wetten der Z.A.R., 1890-1893, bl.621).

93) Van Oordt: t.a.p., bll.794-795; M.Hugo: Die Stemregvraagstuk in die Zuid-Afrikaansche Republiek, bl.37. (Argief-jaarboek vir S.A.Geskiedenis, 10de jaargang, 1947, Kaapstad.)

(d) <u>Deur wie kon die staatspresident gekies word?</u>

Die president van die Uitvoerende Raad, later die staatspresident van die Z.A.R. sou

> "by meerderheid van stemmen ... door de stemgeregtigde burgers"

gekies word,[94] d.w.s. deur alle burgers bo die ouderdom van 21 jaar, wat lidmate van die Nederduits Hervormde Kerk was.[95] Laasgenoemde kwalifikasie het egter nie lank staande gebly nie omdat die Volksraad na aanleiding van 'n memorie uit Zoutpansberg rede gevind het[96] om die kerklidmaatskapskwalifikasie af te skaf en besluit het dat elke burger bo die ouderdom van 21 jaar stemgeregtig is vanaf die oomblik dat hy sy burgerreg vir die bedrag van Rds. 66-5-2 gekoop het.[97] Tot 1876 was die kwalifikasies vir 'n stemgeregtigde burger dat hy 'n blanke bo die ouderdom van 21 jaar moes wees, 'n jaar onafgebroke in die Republiek woonagtig moes wees, en in die geval van nuwe inkomelinge, almal wat ooreenkomstig 'n Volksraadsbesluit van 1855[98] burgerskap verkry het.[99] In 1876 is dit egter nodig gevind om die kiesreg-kwalifikasies beter te omskryf[100] en sou die volgende persone kiesgeregtigde burgers wees:

(a) alle in die Republiek gebore burgers bo die ouderdom van 21 jaar;

(b) alle nuwe inkomelinge wat geen vaste eiendom in die Republiek het nie maar wat 'n jaar lank in die Republiek woonagtig, aan die wette gehoorsaam en van goeie gedrag was;

(c) alle nuwe inkomelinge met vaste eiendom in die staat;

(d) persone onder (b) en (c) genoem, wat ná die aanvaarding van hierdie wet die land binnekom en op die voorgeskrewe manier genaturaliseer word.[101]

---

94) Grondwet (Z.A.R.), 1858, art.61.

95) Ibid., art.32.

96) Kyk Hugo: a.w., bll.2-4.

97) Volksraadsnotule (Z.A.R.), art.22, 20 Sept. 1858. (<u>S.A.Argiefstukke</u>, Tvl., no.3, bl. 195); ibid., art. 23, 22 Mei 1863. (Ibid., no.4, bl.159).

98) Volksraadsnotule, Rustenburg, art.159, 18 Junie 1855. (Ibid., no.3, bl.82).

99) Hugo: t.a.p., bl.12.

100) Wet 1/1876, artt.1-2. (<u>Locale Wetten der Z.A.R., 1849-1885</u>, bll. 645-646).

101) Oor naturalisasie word hier nie gehandel nie, maar die leser word verwys na Hugo: a.w., hoofstuk II.

(e) Hierdie kwalifikasies het alleen vir blankes gegeld.

In 1882 het 'n verdere wysiging gevolg toe stemgeregtigde burgers omskrywe is as:

(a) in die Republiek gebore burgers bo die ouderdom van 21 jaar;

(b) nuwe inkomelinge wat op die voorgeskrewe wyse genaturaliseer is.

Ook hierdie kwalifikasies het slegs vir blankes gegeld.[102] In 1890 is die ouderdomskwalifikasie verlaag tot sestien jaar.[103]

Tot dusver kon alle burgers wat op die genoemde wyse stemreg verkry het aan enige verkiesing in die Z.A.R. deelgeneem het en was hulle almal bevoeg om die staatspresident te kies.

Met die instroming van vreemdelinge in die Republiek na die ontdekking van goud, toe dit nodig gevind is om die Tweede Volksraad in die lewe te roep,[104] is ten opsigte van burgerskap in die Republiek sodanig gedifferensieer dat nie meer alle burgers aan die presidentsverkiesing kon deelneem nie, maar alleen dié wat volle burgerskap verwerf het. Volle burgerskap is toegeken aan alle burgers wat in die Republiek gebore is en aan nuwe inkomelinge twaalf jaar nadat hulle genaturaliseer is, terwyl "halwe" burgerskap slegs aan nuwe inkomelinge verleen is. "Halwe" burgerskap het kiesreg slegs met betrekking tot die Tweede Volksraad meegebring, maar eers twee jaar nadat 'n nuwe inkomeling genaturaliseer was.[105] Behalwe met enkele kleinere wysiginge het hierdie wet tot met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog onveranderd gebly.[106]

---

102) Wet 7/1882, artt.1-2. (Locale Wetten der Z.A.R., 1849-1885, bll.1131-1132). Kyk ook Grondwet, 1889, art.1. (Ibid., 1888-1889, bl.176).

103) Wet 5/1890, art.1. (Ibid., 1890-1893, bll.27-28). Kyk ook Wet 13/1891, art.1. (Ibid., bll.242-243); Notule Eerste Volksraad, art.1292, 26 Aug.1892.(Ibid.,bl.630).

104) Kyk voetnoot 16 van hierdie hoofstuk en Hugo: a.w., hoofstuk III.

105) Wet 4/1890. (Locale Wetten der Z.A.R., 1890-1893, bll. 22-26); Wet 5/1890 (Ibid., bll.27-29); Wet 6/1890 (Ibid., bll.29-30).

106) Vgl. Wet 2/1896, art.81 (Ibid., 1896, bl.44); Konsepgrondwet, 1899, art.65 (opgeneem in Notule Eerste Volksraad, art.594, 25 Julie 1899, en goedgekeur per Eerste Volksraadsbesluit, art.763, 7 Aug.1899). Kyk ook M.Josson: Schets van het Recht van de Z.A.R., Gent, 1897, bll.59-61; 31-34.

In die O.V.S. het alle burgers wat kiesgeregtig was aan die verkiesing van die staatspresident meegedoen en het op geen tydstip enige differensiasie plaasgevind nie.[107)]

(e) Die verkiesing.

Nadat die Volksraad besluit het dat ꞌn presidentsverkiesing gehou moet word, is ꞌn kennisgewing van sodanige besluit deur die Uitvoerende Raad gepubliseer en ook aan die landdroste van die verskillende distrikte gestuur.[108)] Die kennisgewing het gewoonlik die datums bepaal waarop rekwisisies en antwoorde aan die Uitvoerende Raad ingestuur en gepubliseer; waarop die verkiesing gehou en die kieslote by die Uitvoerende Raad ingelewer moes wees. Saam met die kennisgewing is ook die wette en regulasies wat op die verkiesing betrekking het gepubliseer.[109)]

ꞌn Tweede saak waarvoor voorsiening gemaak moes word voor ꞌn verkiesing kon plaasvind, was die benoeming van kiesbeamptes of stemopnemers. In die O.V.S. is vroegtydig vir sodanige beamptes voorsiening gemaak deur die bepaling dat die landdros of Volksraadslid of ꞌn veldkornet as voorsitter, tesame met nog twee stemgeregtigde burgers wat deur die voorsitter benoem word, die verantwoordelike kommissie vir die opname van die stemme sou wees.[110)]

Aangesien M.W.Pretorius die eerste keer as presisdent aangestel is, het die kwessie van stemopnemers in die Z.A.R. eers na vore getree toe die Volksraad in 1862 besluit het dat daar ꞌn algemene presidentsverkiesing

---

107) I.v.m. burgerskap en kwalifikasies, kyk O.V.S.-konstitusie, 1854, 1866, 1879, 1898. (Scholtz: a.w., bylae 1-4).

108) Wet 4/1871, art.3. (Locale Wetten der Z.A.R.,1849-1885, bl.450).

109) Vgl. bv. R.2299/76; Volksraadsnotule (Z.A.R.), art. 26, 3 Mei 1887 (Locale Wetten der Z.A.R.,1886-1887, bl. 187); Notule Eerste Volksraad, art.866, 17 Aug. 1897; Uitvoerende Raadsnotule (Z.A.R.), art.287, 25 Aug. 1882; Regeringskennisgewings (Staatscourant, 5 Maart 1872, 11 Okt.1876, 5 Okt. 1892, 15 Sept.1897). Die kennisgewings het ooreengestem met dié van die O.V.S., behalwe dat laasgenoemde nog ꞌn aanbeveling van ꞌn kandidaat of kandidate deur die Volksraad ingehou het (bv. Kennisgewing in Gouvernements Courant, 24 Junie 1863).

110) Ordonnansie 1/1856 (O.V.S.), art.3. Al verandering wat t.o.v. die bepaling gekom het, was dat die twee burgers deur die byeengekome kiesers gekies kon word indien verlang. (Ordonnansie 2/1885, art. 3; Wetboek van den Onranje-vrystaat 1854-1891, hoofstuk XXVII, bl.248).

gehou moes word en toe terselfdertyd besluit is dat die stemopnemers van die verskillende wyke as stemopnemers sou optree.[111] Dat tydens die verkiesing van 1863 die veldkornette alleen as stemopnemers opgetree het, blyk o.a. duidelik uit die briewe wat die insending van die kieslote aan die Uitvoerende Raad vergesel het.[112] Vanweë besware wat ingebring is dat tydens die verkiesing onreëlmatighede plaasgevind het,[113] het afgevaardigdes van die Regering en van die ontevrede gedeelte van die burgers ooreengekom dat 'n nuwe verkiesing gehou sou word, maar dat 'n verandering ten opsigte van stemopnemers gemaak sou word. Vir elke distrik sou naamlik 'n kommissie van twee stemgeregtigde burgers uit die distrik benoem word, een lid deur die Regering en een deur die ontevrede gedeelte van die burgers. Elke kommissie moes dan in teenwoordigheid van die veldkornette en voormanne van die distrik deur die landdros van die betrokke distrik beëdig word, waarná hulle in die distrik moes rondgaan om die publiek se stemme vir 'n president op te neem.[114]

Hierdie reëling was egter geen permanente reëling nie want in 1868 is neergelê dat die Volksraadslede, met medewerking van die veldkornette, as kiesbeamptes sou optree,[115] terwyl in wyke waar geen Volksraadslede was nie die veldkornet die amp sou vervul met medewerking van een burger, gekies deur die teenwoordige publiek.[116] Hierdie besluit van die Volksraad is in 1871 as 'n vasstaande reëling op die wetboek van die land geplaas.[117] In 1876 het daar na aanleiding van 'n nuwe wet, waarin daar ook

---

111) Volksraadsnotule, Pretoria, art.76, 15 April 1862. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.4, bl.120). Vgl. ook S.S.42, no.98: Bekendmaking van die te houe verkiesing deur landdros Potgieter, d.d. Lydenburg, 20 Junie 1862.

112) Bv. R.272/63: Landdros van Staden aan Uitv. Raad, d.d. Rustenburg, 4 April 1863.

113) Vgl. bv. R.373/63: Van Rensburg aan Uitv. Raad, d.d. Pretoria, 19 Mei 1863.

114) R.10/64: Krokodilrivier-ooreenkoms, d.d. 9 Jan. 1864. Kyk ook R.150/64: Notule van kommissie wat kieslote moes ontvang, d.d. 21 Maart 1864, deur Volksraad goedgekeur (E.V.R.6: Volksraadsnotule, Pretoria, art.33, 12 Mei 1864).

115) E.V.R.8: Volksraadsnotule (Z.A.R.), art.293(1), 19 Nov. 1868.

116) Ibid., art. 293(2).

117) Wet 4/1871, artt. 3-4. (Locale Wetten der Z.A.R., 1849-1885, bl.450).

van stemopnemers, deur die Regering aangestel, gespreek is,[118] sodanige onsekerheid aangaande die hele kwessie van stemopnemers by die Uitvoerende Raad bestaan, dat hulle hulle toevlug tot die Staatsprokureur geneem het,[119] om van hom te weet of artikel 4 van Wet 4/1871 verval het. Volgens die Staatsprokureur was daar alreeds twee soorte stemopnemers, soos deur genoemde wet bepaal, maar dat Wet 1/1876 nog 'n derde soort stemopnemer in die lewe geroep het deur aan die Regering die reg te verleen om in wyke waar geen Volksraadslede of veldkornette is nie, 'n persoon te benoem en te beëdig wat dan saam met 'n burger, gekies deur die byeenkoms, as stemopnemer sal ageer.[120] Met hierdie advies was die Uitvoerende Raad egter nie gediend nie en na 'n samespreking met die Staatsprokureur en twee lede van die Volksraad, het hulle besluit dat die wet bepaal dat die Volksraadslede en veldkornette die amptelike stemopnemers is, maar dat in wyke waar geen Volksraadslede is nie, persone deur die Uitvoerende Raad benoem moes word om die veldkornette by te staan. Tot sodanige benoemings is dan ook dadelik oorgegaan.[121] Hierdie benoemde lede sou dus die plek van die vroeër deur die aanwesige burgers gekose persone inneem. Terselfdertyd is ook besluit dat hierdie persone eers beëdig moes word voor hulle as sodanig kon optree. Tot aan die einde van die bestaan van die Z.A.R. het hierdie stelsel onveranderd gebly, behalwe dat ná 1891 slegs lede van die Eerste Volksraad as kiesbeamptes in 'n presidentsverkiesing kon optree.[122]

In beide die Republieke het die veldkornet in die verkiesing van 'n staatspresident 'n baie belangrike rol gespeel. Afgesien daarvan dat hy byna altyd as stemopnemer opgetree het, was hy ook die persoon wat gewoonlik belas is met die bekendmaking van die verkiesingskennisgewing[123] en die bepaling van die tye en plekke

---

118) Wet 1/1876, art. 19. (Ibid., bl.648).

119) B.B.S.S.2719, no.3136: Staatssekretaris aan Staatsprokureur, d.d. 22 Nov. 1876.

120) R.329/76: Staatsprokureur aan Staatssekretaris, d.d. 22 Nov. 1876.

121) Uitvoerende Raadsnotule (Z.A.R.), art.9, 8 Jan.1877.

122) Notule Eerste Volksraad, art. 1290, 26 Aug.1892.

123) Instruksies aan Veldkornette, art.4 en Wet 2/1885, art.5 (Locale Wetten der Z.A.R., 1849-1885, bll.90 en 1132 onderskeidelik); Ordonnansie 1/1856 (O.V.S.), art.1 en Wetboek van den Oranje-vrystaat, 1854-1891, hoofstuk XXVII, bl.248).

waar die verkiesingsbyeenkomste in sy wyk gehou moes word, terwyl hy ook voortdurend die kieserslyste, waarop die name van die kiesgeregtigde burgers in sy wyk aangeteken was, in orde moes hou.[124)] Van algemene deur die staat opgestelde en gekontroleerde kieserslyste was daar aanvanklik geen sprake nie. Sedert 1882 is in die Z.A.R. probeer om die kieserslyste meer doeltreffend te maak, maar slegs 'n klein verbetering kon aldus bewerkstellig word.[125)] Die pogings van president Brand en die Vrystaatse Volksraad wat in 1877 in dié verband aangewend is, het meer vrug gedra.[126)]

Die tydperke, wat die verkiesing in die twee Boere-republieke geduur het, het aanmerklik van mekaar verskil. Waar in die O.V.S. slegs een dag afgesonder is, waarop die verkiesing dwarsdeur die hele staat plaasgevind het,[127)] het die verkiesing in die Z.A.R. 'n volle maand geduur. Aanvanklik is in die Z.A.R. geen datum vir die aanvang van die verkiesing bepaal nie en is dit aan die stemopnemers self oorgelaat om te bepaal. Slegs 'n finale datum is vasgestel waarop die kieslote in die hande van die Uitvoerende Raad moes wees.[128)] In 1868 is egter ook 'n aanvangsdatum deur die Volksraad bepaal[127)] en daarna het dit die vaste gebruik in die Z.A.R. geword om die presidentsverkiesing oor 'n tydperk van een maand te laat plaasvind.[130)]

Gedurende die verkiesingsdag of -tydperk moes die stemgeregtigde burgers bymekaar kom op tye en plekke

---

124) Wet 1/1876, art.3 (Locale Wetten, ibid., bl.646); Wet 7/1882, art.3 (Ibid., bl.1132); Wet 6/1890, art.2 (Ibid., 1890-1893, bl.30); Wet 13/1891, art.3 (Ibid., bl.244); Wet 14/1893, art.3 (Ibid., bl.806); Wet 3/1894, art.3 (Ibid., 1894, bl.17); Konstitusie (O.V.S.), 1866, art.2; Ibid., 1879, art.2 (Scholtz: a.w., bylae 2 en 3).

125) Hugo: t.a.p., bl.50.

126) Scholtz: t.a.p., bll.47-48.

127) Vgl. bv. Volksraadsnotule (O.V.S.), 17 April 1854 (S.A.Argiefstukke, O.V.S., no.1, bl.61); ibid., 22 Junie 1863, 4 Junie 1868, 22 Junie 1878, 5 Junie 1883, 8 Junie 1888. Dit wil egter voorkom of die verkiesing in 1855 langer as een dag geduur het. (Kyk Volksraadsnotule (O.V.S.), 20 Feb. 1855 - S.A.Argiefstukke, ibid., bl.102). Indien wel, was dit 'n uitsondering.

128) Kyk Volksraadsnotule (Z.A.R.), art.76, 15 April 1862 en S.S.42, no.98 (voetnoot 111, hierbo).

129) Volksraadsnotule (Z.A.R.), art.293, 19 Nov.1876.

130) Kyk bv. Regeringskennisgewings (Staatscourant, 11 Okt. 1876, 5 Okt. 1892, 15 Sept.1897); Volksraadsnotule, art.26, 3 Mei 1887 (Locale Wetten der Z.A.R.,1886-1887, bl. 187).

wat vooraf deur die stemopnemers bepaal en bekendgestel is. Elke kiesgeregtigde burger moes hom dan by die stemopnemers aanmeld om 'n kiesloot in te vul en te onderteken.[131] Volksraadslede en veldkornette moes toesien dat soveel as moontlik stemgeregtigde burgers aan die verkiesing deelneem en dié wat nie daaraan deelgeneem het nie, sou hulle aan die keuse van die meerderheid moes onderwerp.[132] Daarenteen het burgers in die O.V.S. aanvanklik die geleentheid gehad om as hulle verhinder word om die verkiesingsbyeenkoms by te woon, 'n ander persoon skriftelik te magtig om namens hom te stem.[133] Hierdie voorreg is egter in 1885 weggeneem.[134] In die Z.A.R. het kiesers wat nie kon skrywe nie die voorreg bo hulle Vrystaatse kollegas gehad dat hy sy naam in teenwoordigheid van die stemopnemers deur 'n ander persoon kon laat teken, terwyl die stemopnemers dan as getuies moes teken.[135] Blykbaar was die ongeletterdheid van 'n gedeelte van die inwoners van die Z.A.R. van so 'n aard dat hierdie bepaling noodsaaklik was en so lank as die Republiek bestaan het, het hierdie bepaling op die wetboek gebly.[136]

Die stemopnemers in die Z.A.R. moes alle kieslote sorgvuldig bewaar en terselfdertyd 'n behoorlike lys gehou het, wat die volgende informasie bevat: nommers van kieslote, name van die gekose kandidate en die name

---

131) Wet 4/1871, art.5 (Locale Wetten der Z.A.R., 1849-1885, bl.451). Die kieslote het in die twee Republieke van mekaar verskil (kyk bylae A en B). In die Z.A.R. is in 1861 ook van 'n kieslys gebruik gemaak (R.4585/61). In 1868 het die Volksraad egter die vorm van die kieslote bepaal (E.V.R.8: Volksraadsnotule, art.295, 20 Nov. 1868).

132) Wet 4/1871, art.6.

133) Ordonnansie 1/1856 (O.V.S.), art.5. Vir magtigingsbrief, kyk bylaag C.

134) Ordonnansie 2/1885 (O.V.S.). Kyk ook Wetboek van den Oranje-vrystaat, 1854-1891, hoofstuk XXVII.

135) Wet 4/1871, art.8. Vroeër kon sodanige kiesers hulle kiesloot met 'n X merk en deur die veldkornet en twee getuies laat onderteken (Volksraadsnotule (Z.A.R.), art.76, 15 April 1862 - S.A.Argiefstukke, Tvl., no. 4, bl.120), terwyl later besluit is dat die Raadslid of veldkornet wat as stemopnemer dien, dit moes mede-onderteken (E.V.R.8: Volksraadsnotule (Z.A.R.), art.293(5), 19 Nov. 1868).

136) Vgl. die publikasie van Wet 4/1871 saam met die Regeringskennisgewings i.v.m. die te houe presidentsverkiesings in Staatscourant, 5 Okt. 1892 en 15 Sept. 1897.

van die kiesers, en hierdie lys moes tesame met die ingehandigde kieslote na afloop van die verkiesing aan die Uitvoerende Raad ingestuur word.[137] Vrystaatse kieslyste moes eers aan die landdroste, onder wie se jurisdiksie die verskillende wyke sorteer, gestuur word, en deur die landdroste aan die goewernementssekretaris.[138] In elke geval moes die kieslote en/of kieslyste die Regeringskantoor voor 'n bepaalde datum bereik het.

Sodra die Uitvoerende Raad van die Z.A.R. al die kieslote ontvang het, het hulle vasgestel watter kandidaat tot die amp van staatspresident verkies is en moes hulle die uitslag van die verkiesing in die Staatscourant bekend maak en die gekose president aanskryf om die ampseed voor die Volksraad af te lê.[139] In die O.V.S. is effens 'n ander stelsel gevolg.[140] As die kieslyste ontvang is, moes die staatspresident of fungerende staatspresident, of indien daar geen staatspresident was nie, die amptenare of amptenaar wat met die uitvoerende gesag belas was, onverwyld 'n kommissie aanstel om die kieslyste na te gaan en vas te stel op welke kandidaat die meeste stemme verenig is. Die kommissie moes bestaan uit twee regeringsamptenare en twee Volksraadslede. Die bekendstelling van die verkiesingsuitslag in die Gouvernements Courant en die aanskrywing van die gekose staatspresident was ook die taak van hierdie kommissie. Dan was dit die

---

137) Wet 4/1871, art.9. Tydens die 1863-verkiesing in die Z.A.R. is die kieslote ook eers deur die veldkornette aan die landdroste gestuur en deur lg. aan die Uitvoerende Raad besorg. (Vgl. R.559/63: Landdros Verceuil aan Uitv. Raad, d.d. Zoutpansberg, 4 Aug.1863. en R.226/63: Landdros Potgieter aan Uitv. Raad, d.d. Lydenburg, 20 Maart 1863).

138) Ordonnansie 1/1856 (O.V.S.), art.16; Ordonnansie 2/1885 (O.V.S.), art.14; Wetboek van den Oranjevrystaat, 1854-1891, hoofstuk XXVII, art.13, bl.250.

139) Wet 4/1871, art.10; B.B.S.S.2707, no.746: Fung. pres. Erasmus aan Burgers, 30 Mei 1872. In 1863 is bepaal dat die Uitvoerende Raad die kieslote moes nagaan (R.790/63: Volksraad aan Fung. President, d.d. 15 Okt. 1863). In 1869 is egter weer 'n kommissie gekies wat die kieslote in teenwoordigheid van die Volksraadslede moes nagaan (E.V.R.8: Volksraadsnotule (Z.A.R.), artt. 42-43, 11 Mei 1869). Sedert 1871 het die stelsel egter eenvormig gebly.

140) Behalwe in 1855 toe die Uitvoerende Kommissie, wat in die plek van die staatspresident geageer het, belas was met die nasien van die kieslyste (Volksraadsnotule (O.V.S.), 20 Feb. 1855). In 1854 is die nagaan van kieslyste deur die Volksraad self gedoen (Volksraadsnotule (O.V.S.), 4 Sept. 1854).

funksie van die Goewernementssekretaris om die gekose president in kennis te stel van die vergaderdatum van die Volksraad en om hom uit te nooi om die ampseed te kom aflê.[141] Ook die Volksraad is amptelik van die uitslag van die verkiesing verwittig.[142]

In albei die Republieke is die staatspresident deur die meerderheid van die burgers gekies.[143] Dié bepaling was aanvanklik in die Z.A.R. nie vir almal ewe duidelik nie. Die vraag was om met die artikel die meerderheid van al die burgers bedoel is, of slegs van dié wat aan die verkiesing deelgeneem het. Op grond daarvan dat hy o.a. nie deur 'n volstrekte meerderheid van die volk gekies is nie, het W.C.Janse van Rensburg in 1863 geweier om die presidentsamp te aanvaar.[144] Hierdie saak is egter permanent opgeklaar deur die besluit dat met die artikel die meerderheid van die stemmende stemgeregtigde burgers bedoel word.[145]

'n Probleem waarvoor die Z.A.R. en die O.V.S. te staan gekom het, was die prosedure wat in verband met die presidentsverkiesing gevolg moes word wanneer 'n gedeelte van die burgers op kommando weg was en derhalwe nie aan die verkiesing in die verskillende wyke kon deelneem nie. Die O.V.S. het eerste met die saak te doen gekry toe 'n

---

141) Ordonnansie 1/1856 (O.V.S.), artt.16-17; Ordonnansie 2/1885 (O.V.S.), artt.14-15; Wetboek van den Oranjevrystaat, 1854-1891, hoofstuk XXVII, artt. 13-14, bl. 250.

142) Kyk bv. V.R.R.13/83: Staatssekretaris aan Volksraad, d.d. 7 Mei 1883; V.R.R.58/88: ibid, d.d. 4 Mei 1888; E.V.R.R.184/93: Staatssekretaris aan Eerste Volksraad, d.d. 1 Mei 1893; S.S.B.B.1187/98: ibid., d.d. 2 Mei 1898.

143) Z.A.R.: Grondwet, 1858, art.61; Volksraadsnotule, art. 280, 6 Nov.1871 (Locale Wetten der Z.A.R.,1849-1885, bl.427); Wet 4/1871, art.1 (Ibid., bl.450); Regeringskennisgewing i.v.m. Toevoeging tot Grondwet, d.d. 15 Maart 1877, hoofstuk 1, art.1 (Ibid., bl.680); Wet 3/1881, art. 1 (Ibid., bl.1025); Grondwet, 1889, art. 56 (Ibid., 1888-1889, bl.180); Wet 6/1890, art.1 (Ibid., 1890-1893, bll.29-30); Wet 2/1896, art.81 (Ibid., 1896, bl.44); Konsep-grondwet, 1899, art.65 (opgeneem in Notule Eerste Volksraad, art.594, 25 Julie 1899, en goedgekeur per Eerste Volksraadsbesluit, art.763, 7 Aug.1899).

144) R.373/63: W.C.van Rensburg aan Uitvoerende Raad, d.d. 9 Mei 1863; V.R.499/63: W.C.van Rensburg aan Volksraad, d.d. 2 Mei 1863.

145) Volksraadsnotule, art.570, 27 Feb.1872 (Locale Wetten der Z.A.R., 1849-1885, bl.462).

kommando van 300 man in November 1868 tydens die verkiesing op die grense van die staat sou wees. Die oplossing van die Volksraad was om die bepalings van Ordonnansie 1/1856 tydelik te wysig deur die bevelvoerende offisier van elke afdeling van die kommando tot voorsitter van die stemopnemers te benoem, en hy sou bygestaan word deur twee lede wat deur die aanwesige stemgeregtigde burgers gekies moes word.[146] Op dié wyse is die burgers dan in staat gestel om hulle stemreg uit te oefen. Tot 'n permanente reëling het dit egter nie gekom nie. Die Z.A.R. het in 1876 met dieselfde probleem te doen gekry en dit opgelos deur te besluit dat as kommando's op las van die Regering in die veld is, geen presidentsverkiesing sou plaasvind nie, maar dat die president in funksie sou bly totdat die burgers teruggekeer het en 'n verkiesing gehou kon word.[147] In 1883 is die wet egter weer so verander dat burgers op kommando, wanneer moontlik, in die geleentheid gestel sou word om ook hulle stemme in 'n presidentsverkiesing uit te bring, tensy by wyse van spesiale wetgewing ander voorsiening gemaak is.[148] Hierdie reëling het in 1898 weer verval.[149]

Teen die verkiesingsmetode, soos dit in die twee Republieke toegepas is, kan natuurlik heelwat besware ingebring word. Een van die groot gebreke in die stelsel was die wyse waarop kieserslyste deur die veldkornette gehou moes word. Omstandighede het meegebring dat op hierdie lyste nie altyd peil getrek kon word nie en dit het somtyds tot heelwat moeilikhede aanleiding gegee.[150] Ook was daar voortdurend klagtes oor onreëlmatighede wat

---

146) Volksraadsnotule (O.V.S.), 4 Junie 1868.

147) E.V.R.12: Volksraadsnotule (Z.A.R.), art.97, 2 Junie 1876. Hierdie bepaling is opgeneem in Wet 2/1876, art.41 (<u>Locale Wetten der Z.A.R.,1849-1885</u>, bl.657).

148) Wet 2/1883, art.41 (<u>Locale Wetten der Z.A.R.,1849-1885</u>, bl.1177). Hierdie reël is tydens die 1883-verkiesing toegepas (<u>The Friend</u>, 3 Mei 1883 - hoofartikel).

149) Notule Eerste Volksraad, art.1349, 4 Okt.1898. Wet 20/1898, wat Wet 2/1883 vervang, bevat nie so 'n bepaling nie.

150) R.281/77: J.J.Hoffman aan pres. Burgers, d.d. Losberg, 9 Jan.1877; <u>De Volksstem</u>, 22 April 1893 (hoofartikel); E.V.R.R.53/93: Protes van die Joubert-komitee teen die inswering van Kruger as staatspresident, d.d. 15 April 1893; <u>The Friend</u>, 17 Okt. 1893 (hoofartikel).

deur stemopnemers begaan is,[151] somtyds opsetlik en somtyds vanweë onbekwaamheid.[152] Om partydigheid en die uitoefening van ongewenste invloed op die verkiesings deur Volksraadslede, landdroste en veldkornette[153] te voorkom, is selfs aan die hand gedoen dat die stemopnemers deur die kandidate self aangewys moes word.[154] Teen die lengte van die verkiesingstyd in die Z.A.R. het veral Vrystaatse koerante beswaar ingebring omdat dit volgens hulle mening onnodig was om die volk so lank in spanning en opgewondenheid te laat verkeer.[155] Waarskynlik was hierdie lang tydperk en die feit dat die stemopnemers nie altyd genoeg byeenkomste bepaal het wat voldoende binne bereik van die kiesers was - verkeersmiddele was natuurlik baie ondoeltreffend - daarvoor verantwoordelik dat baie van die kiesers nooit by 'n verkiesingsbyeenkoms gekom het nie, óf uit nalatigheid en onverskilligheid, óf vanweë ander omstandighede.[156] Teen die een-dag-verkiesing in die O.V.S. kon ook besware ingebring word, want hoewel die wet bepaal het dat die verkiesing op die bepaalde dag tussen 8 v.m. en 3 n.m. moes plaasvind, het dit ook aan die stemopnemers die reg verleen om onder grondige omstandighede hierdie ure op die verkiesingsdag te verleng en selfs om die verkiesingsbyeenkoms tot op 'n ander deur hulle te bepale dag te verdaag.[157] Hierdie opening wat deur die wet gegee is, kon vanselfsprekend tot ernstige onreëlmatighede aanleiding gee.[158]

Eienaardig genoeg het die vernaamste beswaar, wat seker nie ongegrond is nie, teen die nominasie en aanbeveling van kandidate vir die presidentsamp deur die Volksraad, weer van 'n Oorvaalse koerant gekom. Sodanige

---

151) E.V.R.R.53/93 (kyk voetnoot 150); E.V.R.R.177/93: Memorie aan Eerste Volksraad, d.d. Pretoria, April 1893 (43 ondertekenaars).

152) De Volksstem, 22 April 1893 (hoofartikel).

153) Ibid., 28 Feb.1883, 11 Aug. 1887; De Express, 25 Junie 1889.

154) The Friend, 24 Nov. 1893.

155) Kyk o.a. ibid., 10 Aug. 1882 en 17 Jan.1893.

156) Vgl. bv. S.S.49, no.123: Landdros Badenhorst aan Fung. President, d.d. 14 Sept. 1863; R.117/64: Veldkornet Erasmus aan President, d.d. 3 Maart 1864; R.146/64: F.Weyers aan President, d.d. 19 Maart 1864; R.281/77: Hoffman aan pres. Burgers, d.d. 9 Jan.1877; Transvaal Advertiser, soos aangehaal in The Friend, 3 Mei 1883.

157) Ordonnansie 1/1856, art.12; Ordonnansie 2/1885, artt. 6-7.

158) The Friend, 24 Nov.1893 (hoofartikel).

benoeming van ŉ kandidaat sou dan nie in orde wees nie

> "omdat de verkiezing van een President, of van welken anderen ambtenaar ook, geheel vry is en niet mag geïnfluenceerd worden door eenigerlei wetgevende of offisiële bemoeying."[159]

3. Inswering van die staatspresident.

Nie een van die twee Republieke se Grondwette het uitvoerige reëls in verband met die inswering van die staatspresident bevat nie. Tog het in albei state langsamerhand die inswering ooreenkomstig gewoonte volgens ŉ vaste patroon plaasgevind.[160]

Die eerste inswering van ŉ president van die Z.A.R. het op baie kort kennisgewing plaasgevind. Op 5 Januarie 1857 het die Komitee van Volksverteenwoordigers te Potchefstroom vir M.W.Pretorius as president van die Uitvoerende Raad benoem en is hy deur die Volksraad aangeskryf om sy ampseed te kom aflê.[161] Al besonderhede wat in verband met die inswering deur die wet bepaal is, was:

(a) dat die Volksraad ŉ kommissie van vier lede en die Volksraadsekretaris moes afvaardig om die gekose president uit te nooi om sy ampseed voor die Volksraad te kom aflê[162] en

(b) die formulier van die eed wat afgelê moes word.[163]

Ten spyte van die kort kennisgewing was die inswering van Pretorius ŉ hele plegtigheid, hoofsaaklik gereël deur ds. van der Hoff.[164] Ons laat die verslag van die inswering hier volledig volg, soos dit in De Zuid-Afrikaan verskyn het.

> "Op den bepaalden tyd was de Volksraad vergaderd; vier zyner leden met den Secretaris werden afgevaardigd om volgens de bepaling der nieuwe Consti-

---

159) De Volksstem, 11 Aug. 1887 (hoofartikel).

160) Kyk Scholtz: a.w., bl.38.

161) Kyk bl. 218 van hierdie werk.

162) Grondwet (Z.A.R.), 1858, art.50.

163) Ibid., art.84.

164) ŉ Hele verslag van die inswering, opgestel deur ŉ ooggetuie, het in De Zuid-Afrikaan, 12 Feb. 1857 (oorgeneem deur The South African Commercial Advertiser, 19 Feb. 1857) verskyn. Kyk ook Engelbrecht: Die Geskiedenis van die Nederduits Hervormde Kerk Kerk van Afrika, bll. 128-130 en T.A.du Plessis: a.w., bll.166-168.

tutie, den president ten zynen huize te gaan afhalen. Dit geschiedde te paard. Omstreeks half tien ure keerden zy met den President in hun midden terug. De gansche mannelyke bevolking van het dorp en nog een groot aantal buitenlieden was in de wapens. Deze stonden over het groote marktplein, by de kerk, in twee gelederen geschaard, en tusschen dezelve reed de stoet in plegtige stilte naar het landskantoor, alwaar zy door den President van den Volksraad op de stoep ontvangen werd en vervolgens het kantoor ingeleid. De andere benoemde leden van den Staats-raad[165] waren reeds aanwezig, alsmede ook de leeraar. Voor dat de eed werd afgenomen deed Zyn Eerwaarde een plegtige aanspraak aan het vergaderde volk en vervolgens aan den nieuw gekozen President, en zyne raden. Na die aanspraak geschiedde de beëediging. Het eerste deed de President zyn eed. Op een gegeven teeken door een der aanwezige Commandanten werd op eens de plegtige stilte die tot nu toe geheerscht had, afgebroken door een kletterend geweer-vuur en gebulder van het kanon; de vlag werd geheschen en een vroolyk gejuich van duizende stemmen klonk ten hemel. Op nieuw werd een teeken gegeven, en alles was stil als te voren. Toen nam men den eed af van de andere gekozene leden, en nu ging het in statigen optogt naar de kerk. De Leeraar in ambtsgewaad, met eenige zyner Kerkeraadsleden voor uit, daar achter de President met zyne Staatsraden, vervolgens de Volksraad, en daar achter gansche trein van mannen en vrouwen en kinderen in grooten getale. In het midden van het Marktplein stond de vlag. In plegtige stilte ging de stoet die vlag voorby, met de hoed in de hand. In de kerk gekomen deed de leeraar een gepast gebed, hield nogmaals eene aanspraak en eindigde met staande te laten zingen, het laatste vers van Psalm 134. Buiten de kerk gekomen, hield de President hartelyke toespraken tot zyne voormalige krygsofficieren en tot het gansche publiek. Nu volgden met tranen in de oogen hartelyke handdrukken en zegenwenschen aan den President, waaraan schier geen einde komen kom. Eindelyk gaat men weder in dezelfde volgorde naar het kantoor terug. Op nieuw worden de geweren afgeschoten en buldert het kanon. By de vlag gekomen houdt men stil. Met ongedekte hoofden scharen zich alle aanwezigen onder dezelve, en de leeraar wordt uitgenoodigd nog een toespraak by de vlag te houden; hetgeen door Zyn Eerwaarde gedaan werd, en eindigde met de volgende dichterlyke ontboezeming:

Vivat de vlag, vivat de vlag, door vryheid hier geplant!
Waai rond door Zuidelyk Afrika, van Oost tot Wester Strand.
Blyft onbezoedeld, schoon en rein, en wapper ook op zee;
vertoon u aan der volkenoog, tot aan de verste ree.
God zy met u, gy maagdelyke vlag
En met het volk dat u verkoos, tot aan den jongsten dag.

Een driemaal herhaald hoera volgden op deze ontboeseming. Hierop vroeg een der Commandanten uit naam van den President aan het vergaderde volk, of zy nu ook genegen waren om die vlag te beschermen,

---

[165] D.w.s. lede van die Uitvoerende Raad. Hulle sou terselfdertyd ingesweer word.

> waarop van alle kanten met een toestemmend ja, ja, geantwoord wordt, en de geweren opnieuw los brandden. Na eene driemaal herhaald hoera voor de vlag en onder het onophoudelyk schieten, werd de stoet tot aan het kantoor voortgeleid en nam de plegtigheid van den dag een einde, nadat de oude Heer Grimbeek nog door den President benoemd werd tot vlag-commandant."

Watter skerpe kontras vorm die inswering van Hoffman as eerste Vrystaatse president op 13 September 1854 nie met dié van Pretorius nie! Met die blote aflegging van die ampseed was die verrigtinge afgehandel en het die Volksraad met sy gewone werksaamhede voortgegaan.[166] Die inswering van Boshof op 27 Augustus van die volgende jaar was meer formeel. Hy is deur 'n kommissie van vyf lede namens die Volksraad uitgenooi en die Raadsaal binnegelei, by welke geleentheid ds. A.Murray, ná die aflegging van die eed, 'n kort toespraak gehou het en 21 saluutskote afgevuur is.[167] Op 8 Februarie 1860 is dieselfde prosedure met die inswering van M.W.Pretorius gevolg.[168] Nie een van hierdie plegtighede is deur die publiek bygewoon nie.

Toe Pretorius in 1864 weer as president van die Republiek ingesweer is, is hy deur die Volksraad aangeskryf om die ampseed te kom aflê en het die kommissie van die Volksraad hom ~~nog~~ op dieselfde dag daartoe kom uitnooi, sodat die plegtigheid nog op 10 Mei 1864 plaasgevind het.[169] Volgens die Volksraadsnotule het niks meer as die eedsaflegging plaasgevind nie en die enigste amptelike reëlings in die verband was die opdrag wat kommandant-generaal Paul Kruger aan twee veldkornette gegee het om 25 man by die Volksraadskantoor gereed te hou om

> "met het inzweren van den nieuw gekoze President, op order, eenge Saluut schote te schieten, ter eer van Z.HEd."[170]

Pretoria was egter by hierdie geleentheid in rep en roer.

---

166) Volksraadsnotule (O.V.S.), 13 Sept. 1854. (S.A.Argiefstukke, O.V.S., no.1, bl.82); Kyk ook Scholtz: a.w., bl.104.

167) Volksraadsnotule (O.V.S.), 27 Aug. 1855. (S.A.Argiefstukke, ibid., bl.106); Scholtz: ibid.; J.H.Malan: Die Opkoms van 'n Republiek, Bloemfontein, 1929, bl. 252.

168) Volksraadsnotule (O.V.S.), 8 Feb.1860; Scholtz: a.w., bl.104.

169) E.V.R.6: Volksraadsnotule (Z.A.R.), artt. 4, 7 en 8, 10 Mei 1864.

170) R.257/64: Kopie van brief van Kruger aan veldkornette Joubert en Fisher, d.d. Pretoria, 9 Mei 1864.

Die publiek het van elders met 'n groot aantal waens en karre gekom. Die volk het buite die Raadsaal gewag en na afloop van die beëdiging **het** Pretorius na buite gekom en die vergaderde menigte op 'n ernstige, gevoelvolle en indrukwekkende wyse toegespreek. Na voltooiing van die toespraak is etlike honderde vruegdeskote afgevuur

> "welke daarna zoo algemeen werden, dat de dampkring van ons dorpje voor langen tyd met eenen dikken nevel betrokken was."

Gedurende die aand is 'n groot onthaal aan die huis van die heer Skinner gehou, wat uitgeloop het op 'n dans wat tot laat in die nag geduur het.[171)]

Aanvanklik was die insweringsplegtighede geen openbare funksies nie behalwe vir sover as wat die Volksraadsittinge openbaar en vir die publiek toeganklik was. In 1872 het die Uitvoerende Raad op grond van 'n memorie uit Pretoria[172)] besluit om die Volksraad te versoek om die inswering van die president voor die hele volk te laat plaasvind.[173)] Die Volksraad was geneë om aan hierdie versoek te voldoen[174)] en vanaf dié tyd is die staatspresident van die Z.A.R. altyd in die openbaar deur die Volksraad ingesweer en het die plegtigheid 'n hele staatsfunksie geword. Die publiek het steeds groter belangstelling getoon en die plegtighede in groter getalle bygewoon.[175)] Die gebruiklike plek waar hierdie plegtighede plaasgevind het, was buite die ou Volksraadsgebou, waar 'n platform vir die lede van die Volksraad, amptelike gaste en hoogwaardigheidsbekleërs opgerig is, en later, buite die nuwe Raadsaal op die balkon of op 'n spesiaal opgerigte platform.[176)] Vanaf 1872 het die insweringsplegtighede in die Z.A.R. met groot feesvierings deur die volk gepaard gegaan. Die terrein en stad was versier met erebo
ë en wapperende vlae; motto's kon orals teen geboue gelees word; kanonne is opgestel om loskruit-

---

171) Verslag in <u>De Republikein</u>, soos oorgeneem deur <u>The Friend</u>, 1 Julie 1864.

172) R.768/72: Memorie aan Uitvoerende Raad, d.d. Pretoria, 5 Junie 1872 (21 handtekeninge).

173) Uitvoerende Raadsnotule (Z.A.R.), art.143, 25 Junie 1872.

174) E.V.R.11: Volksraadsnotule (Z.A.R.), art.3, 1 Julie 1872.

175) Vgl. Engelbrecht: <u>T.F.Burgers</u>, bl.110; <u>De Volksstem</u>, 9 Mei 1883 (berig), 10 Mei 1888 (hoofartikel) en 13 Met 1898.

176) Kyk bv. Volksraadsnotule (Z.A.R.), art.24, 8 Mei 1883 (Byvoegsel tot <u>Staatscourant</u>, 17 Mei 1883); Notule Eerste Volksraad, art.75, 10 Mei 1893; <u>De Volksstem</u>, 13 Mei 1898.

saluutskote te vuur; gewapende berede burgers en voetvolk het as erewagte opgetree; selfs die Arabiese bevolking van die stad met hulle kleurryke drag het nie ontbreek nie; opwekkende musiek is gespeel en kindersang kon gehoor word; geweersalvo's en kanongebulder het tot die feesvreugde bygedra; aandfeeste is deur die publiek gehou terwyl die stad wonderlik verlig was.[177)]

Sedert die eerste inswering van president Brand in 1864 het die burgers van die O.V.S. soveel belang in die plegtigheid begin stel en in sulke groot getalle na die hoofstad opgekom, dat ook die Vrystaatse presidentsinswering in 'n groot staatsplegtigheid en -feestelikheid omskep is.[178)] Vanweë die belangstelling van die publiek het die Volksraad besluit om die plegtigheid in die openbaar te laat geskied, en wel in die gebou van die Nederduits Hervormde Kerk, aangesien die Raadsaal te klein was vir die publiek om die inswering by te woon.[179)] Sedert 1864 het al die insweringsplegtighede in hierdie gebou plaasgevind, met uitsondering van die vierde keer toe Brand ingesweer is, toe dit in die Wesliaanse Kerk in Bloemfontein plaasgevind het.[180)] Die prosedure was gewoonlik dat die Volksraad eers in die Raadsaal vergader, waar 'n adres wat die staatspresident aangebied sou word, goedgekeur is. Daarna het die Volksraad na die kerkgebou verdaag en het president, Uitvoerende Raadslede, Volksraadslede en erewagte in prosessie na die kerkgebou gegaan, waar die publiek alreeds gewag het.

Die amptelike verrigtinge in verband met die eedsaflegging in die kerkgebou, en in die Z.A.R. op die balkon of verhoog buite die Raadsaal, het in die twee Republieke min of meer dieselfde vorm aangeneem. In albei gevalle was dit amptelike Volksraadsvergaderinge en het die verrigtinge onder leiding van die voorsitter van die Volksraad plaasgevind. Die prosedure in albei state was min of meer as volg.

---

177) De Volksstem, 16 Mei 1883, 10 Mei 1888, 13 Mei 1898.

178) Vgl. Scholtz: t.a.p., bl.104. Kyk o.a. ook verslae in The Friend, 5 en 12 Feb. 1864, 13 Mei 1869, 14 Mei 1874.

179) Volksraadsnotule (O.V.S.), 1 Feb.1864, 3 Mei 1869.

180) Ibid., 9 Mei 1879.

In die Z.A.R.[181] is die Volksraadsvergadering op die dag van inswering op die platform of balkon in teenwoordigheid van al die aanwesiges geopen, waar ook die notule van die vorige vergadering gelees en onderteken is.[182] Na die aankoms van die gekose president en die vooraf benoemde kommissie om hom geleide te doen, het 'n vooraf daartoe uitgenodigde leraar die verrigtinge met gebed geopen. Daarna het die sekretaris van die Volksraad op versoek van die voorsitter die vereistes waaraan die staatspresident moes voldoen en die ampseed voorgelees, en moes die president antwoord of hy daaraan voldoen en bereid is om die eed af te lê. As hy sy instemming betuig, is tot die plegtigheid oorgegaan en het die president die amspeed onderteken. Gewoonlik het die voorsitter van die Volksraad daarna 'n toespraak gehou, gevolg deur toesprake deur die staatspresident en enkele hoofamptenare, waarna met dankgebed afgesluit en die vergadering verdaag is. By enkele geleenthede is die verrigtinge ook opgeluister deur die speel en sing van psalmverse en die Transvaalse volkslied. Daarmee was die amptelike werksaamhede afgehandel en het die feesvieringe 'n aanvang geneem.

In die O.V.S.[183] het die verrigtinge min of meer dieselfde gang gehad, behalwe dat die Volksraadsvergadering in die Raadsaal geopen en dan na die kerkgebou verdaag is. Sedert 1874 is ook van gedrukte uitnodiginge aan die publiek tot die plegtigheid gebruik gemaak. Na die aankoms van die gekose president en die Volksraadskommissie wat hom vergesel het, het die voorsitter van die Volksraad 'n kort welkomswoord gespreek, waarna 'n gebed deur die uitgenodigde predikant gedoen is en die voorsitter van die Volksraad die eerste gedeelte van sy

---

181) I.v.m. insweringsplegtighede in die Z.A.R., kyk: E.V.R.11: Volksraadsnotule, art.3, 1 Julie 1872; Volksraadsnotule, artt.27-43, 9 Mei 1883 (Byvoegsel tot Staatscourant, 17 en 24 Mei 1883; ibid., artt. 21-28, 8 Mei 1888 (ibid., 16 Mei 1888); Notule Eerste Volksraad, artt.78-80, 12 Mei 1893; ibid., artt. 149-153, 12 Mei 1898.

182) Behalwe in 1898, toe die opening in die Eerste Volksraadsaal plaasgevind en die vergadering toe na die balkon van die Raadsaal verdaag is.

183) Kyk Volksraadsnotule (O.V.S.), 2 Feb.1864, 4 Mei 1869, 5 Mei 1874, 6 Mei 1879, 7 Mei 1884, 10 Jan. 1889, 10 Jan. 1894, 4 Maart 1896; The Friend, 5 en 12 Feb. 1864, 13 Mei 1869, 14 Mei 1874, 24 Jan. 1889.

toespraak gehou het. Na voorlesing van die ampseed deur die sekretaris van die Volksraad, en nadat die president sy bereidwilligheid te kenne gegee het om dit af te lê, het die plegtige aflegging en ondertekening daarvan gevolg. Dan het die voorsitter van die Volksraad die tweede gedeelte van sy rede gelewer en nadat ook die predikant en president gekeentheid gekry het om hulle tot die aanwesiges te rig, is die vergadering met gebed afgesluit en verdaag. Tydens die verrigtinge is gewoonlik ook die Volkslied en psalmverse gesing, terwyl by enkele geleenthede ook ander musieknommers gelewer is.

Die ampsede wat deur die onderskeie staatspresidente afgelê is, se bewoordinge het van mekaar verskil. Die eed vir die staatspresident van die Z.A.R. is deur die Grondwet voorgeskryf en het as volg gelui:

> "Als verkozen tot President van den Uitvoerenden Raad dezer Republiek beloof en zweer ik plegtig, dat ik getrouw zal zyn aan het volk; dat ik in myne betrekking naar regt en wet zal handelen, volgens myn beste kennis en geweten, zonder aanzien des persoons; dat ik aan niemand eenige gunst of gift gedaan heb om tot die betrekking te geraken; dat ik van niemand eenige gift of gunst zal aannemen, wanneer ik vermoeden kan, dat deze gunst of gift gedaan of bewezen zou worden, met het oogmerk om van my een besluit ten voordeele van den begunstiger of gever te gewinnen; dat ik my zal gedragen overeenkomstig de Grondwet dezer Republiek, en niets anders bedoel dan de bevordering van het geluk en welzyn van hare ingezetenen in het algemeen."184)

Hierdie bewoording het onveranderd gebly, behalwe dat later aan die eed toegevoeg is:

> "Zoo waarlyk helpe my God Almagtig."185)

Toe die O.V.S. voor die inswering van hulle eerste staatspresident te staan gekom het, was die bewoording van die eed wat hy moes aflê in geen wet of in die Konstitusie voorgeskryf nie. Die eed wat Hoffman op

---

184) Grondwet (Z.A.R.), 1858, art.84. "President van den Uitvoerenden Raad" is later verander tot "Staatspresident" (Volksraadsnotule, art.484, 22 Okt. 1866 - Locale Wetten der Z.A.R., 1849-1885, bl.269).

185) Wet 2/1896, art.106 (Staatscourant, 1 Julie 1896). In die teks, gepubliseer in Locale Wetten der Z.A.R., 1896 is "Almagtig" weggelaat. In die bespreking wat tot die aanvaarding van Wet 2/1896 aanleiding gegee het, het 'n gedeelte van die Eerste Volksraad gevoel dat die staatspresident ook aan die onafhanklikheid van die staat moes trou sweer. (Kyk Notule Eerste Volksraad, art.429, 2 Junie 1896). In 1899 is so 'n klousule in die Konsep-grondwet ingevoeg (art. 68) en deur die Eerste Volksraad goedgekeur. (Notule Eerste Volksraad, art.769, 8 Aug.1899). Vanweë die ondergang van die Republiek is nooit van die nuwe bewoording gebruik gemaak nie.

13 September 1864 afgelê het, was dieselfde eed wat deur die Volksraad vir die landdros voorgeskryf was, met vervanging van die woord landdros deur president,[186] en het as volg gelui:

> "Ik zweer als President, in dienst van het Gouvernement van den Oranjevrystaat, het regt te zullen bedienen overeenkomstig de bestaande of nog vast te stellen wetten van dezen Staat, en al de pligten uit te oefenen aan myne betrekking verbonden, zonder aanzien des persoons, onpartydig en opregt, zooals een eerlyk Regter betaamt. Zoo waarlyk helpe my God."[187]

Hoe lank van hierdie bewoording gebruik gemaak is, is nie duidelik nie want in die geval van die inswering van Boshof en Pretorius in 1855 en 1860 onderskeidelik, word deur die Volksraadsnotule net vermeld dat hulle die eed afgelê het. In 1864 is egter by die inswering van Brand van 'n nuwe eedsformulier gebruik gemaak, wat nie weer gewysig is nie:

> "Ik zweer als Staatspresident van den Oranjevrystaat, trouw aan deszelfs wetten en beloof alles te zullen doen naar myn vermogen, wat de belangen van land en volk kan bevorderlyk zyn. Zoo waarlyk helpe my God Almagtig."[188]

Ten opsigte van die presidentsinswering het die twee Boere-republieke met die V.S.A. daarin ooreengestem dat die inswering by geleentheid van 'n openbare funksie plaasgevind het, maar daarin verskil, dat in Amerika die president nie deur die wetgewende liggaam ingesweer is nie, maar deur die hoofregter van die V.S.A.[189]

'n Unieke inswering van 'n Boere-staatspresident was die laaste inswering van president Steyn van die O.V.S. op 25 Januarie 1901, toe die Tweede Vryheidsoorlog in al sy felheid gewoed het. Aangesien president Steyn se ampstermyn in Maart 1901 verstreke sou wees, het hy by die krygsraad, wat spesiaal vir die doel byeengeroep was, aangedring dat 'n presidentsverkiesing gehou moes word. Daarop het die krygsraad besluit om sonder vooraf rekwisisies vir Steyn as kandidaat by die burgers aan te beveel, maar om die burgers vry te laat om hulle eie

---

186) Volksraadsnotule (O.V.S.), 13 Sept. 1854.

187) Ibid., 18 April 1854.

188) Ibid., 4 Mei 1864.

189) Kyk Munro: a.w., bl.160. Vgl. ook die eed van die Amerikaanse president, voorgeskryf deur Konstitusie, art. 2, seksie 7: "I do solemnly swear (or affirm) that I will faithfully execute the office of President of the United States, and will, to the best of my ability, preserve, protect, and defend the Constitution of the United States."

kandidate te stel indien hulle dit sou verkies. Die kandidaat wat dan aldus gekies sou word, sou as waarnemende staatspresident ingesweer word [190] tot tyd en wyl landsomstandighede sodanig sou wees dat 'n nuwe verkiesing volgens wet sou kon plaasvind.[191] Met hierdie aanbeveling het die burgers te velde hulle eenparige instemming betuig en het Steyn die ampseed voor die Uitvoerende Raad afgelê.[192]

> "Op 25 Januarie 1901 is toe aan Sandrivier, op die hoofweg tussen Ventersburg en Winburg in 'n omgewing, wat reeds swart gebrand was deur die vyand en waar slegs bouvalle kon getuig van vroeëre welvaart, die laaste Vrystaatse president ingesweer soos 'n Germaanse hoofman van ouds tussen sy gewapende manne."[193]

Dit was terselfdertyd ook die laaste keer wat 'n Boere-staatspresident in Suid-Afrika ingesweer is.

4. Diensvoorwaardes.

(a) Amsptermyn.

In teenstelling met die Amerikaanse president, wat vir 'n tydperk van vier jaar gekies is,[194] moes die staatspresident van die twee Boere-republieke onderneem om die amp vir 'n periode van vyf jaar te beklee.[195] Die enigste wyse waarop die termyn voor die verstryking van die vyf jaar beëindig kon word, was deur die dood of bedanking van die president, of deur sy skorsing deur die Volksraad. In geval van bedanking moes die Volksraad dit in elk geval aanvaar.[196] Wanneer sodanige gevalle voorgekom

---

190) Pres. Steyn sê self hy is as staatspresident ingesweer. (N.J.van der Merwe: M.T.Steyn II, bl.66).

191) C.R.de Wet: De Stryd tusschen Boer en Brit, Amsterdam, 1902, bll.265-266.

192) N.J. van der Merwe: M.T.Steyn II, bl.66; De Wet: a.w., bl.266.

193) Scholtz: a.w., bl.106; kyk ook Munro: a.w., bll. 147-148 i.v.m. aanvanklike rondvallery oor die bepaling van die ampstermyn van die Amerikaanse president.

194) Konstitusie (V.S.A.), art.II, seksie 1.

195) Grondwet (Z.A.R.), 1858, art.61; Konstitusie (O.V.S.), 1854, art.28. Aan hierdie bepalings is geen verandering gebring nie. T.o.v. die bewoording in die geval van die Z.A.R. het daar in 1871 'n wysiging gekom. Waar die Grondwet bepaal het dat die president "voor den tyd van vyf jaren" gekies word, is in 1871 bepaal dat die president "in functie (zal) blyven voor den tyd van vyf jaren tenzy hy voor zyne betrekking mogt bedanken, of om wettelyke redenen ontslagen wordt door den Volksraad." (Wet 2/1871). In 1881 is die oorspronklike bewoording weer herstel in Wet 3/1881, art.1.

196) Oor die kwessie van bedanking en skorsing handel ons in hoofstuk VIII, paragraaf 6 van hierdie werk.

het, het die onderskeie Volksrade onmiddellik oorgegaan om maatreëls te tref vir die verkiesing van 'n ander staatspresident. Dit het meegebring dat daar soms binne 'n jaar na mekaar presidentsverkiesings gehou moes word, soos byvoorbeeld in die O.V.S. in 1854 en 1855, 1860 en 1864, 1889, 1893 en 1896, terwyl in die Z.A.R. dit gedurende die jare sestig nie veel beter gegaan het nie. In Amerika was die geval anders, want afgesien daarvan of die president bedank of om enige ander rede nie meer met die uitoefening van sy amp kon voortgaan nie, is daar slegs elke vier jaar 'n presidentsverkiesing gehou.

Die ampstermyn van die staatspresident in albei state is bereken vanaf die dag van inswering. Hoewel dit nie in die Grondwet of in enige ander wet van enige een van die twee state voorgeskryf was nie, het dit die gewoonte van die onderskeie presidente geword om die jaar vóór die verstryking van hulle ampstermyn die Volksraad daaraan te herinner dat hulle dienstyd die volgende jaar verstreke sou wees en dat vir 'n nuwe verkiesing voorsiening gemaak moes word. As hoof van die uitvoerende gesag, wat oor die belange van die land moes waak en wat die Volksraad op hoogte moes hou omtrent welke stappe gedoen moes word om die gladde verloop van die landsregering te verseker, was dit ongetwyfeld die taak van die staatspresident om dié saak onder die aandag van die Volksraad te bring. President Brand het egter met sodanige bekendstelling 'n ander motief gehad, naamlik

> "dat dit geschiedde met het oog er op dat Z.HEd. gaarne zoude vernemen hoe hy had te handelen in het weder opnemen zyner professie als advocaat ...."[197]

By enkele geleenthede het dit gebeur dat 'n gekose president vóór sy inswering dit aan die Volksraad gestel het dat hy die amp sou aanvaar op voorwaarde dat hy voor die verstryking van sy ampstermyn weer ontslag kan vra,[198] in welke gevalle die Volksraad toegestem het. In die O.V.S. was dit ook een keer nodig dat die ampstermyn van die president verleng moes word, naamlik toe die

---

[197] Volksraadsnotule (O.V.S.), 8 Junie 1888.

[198] Vgl. bv. Pretorius se versoek aan die Vrystaatse Volksraad (Volksraadsnotule, 8 Feb.1860). Brand het sy tweede ampstermyn in 1869 aanvaar op voorwaarde om die amp slegs vir twee jaar te beklee, maar in 1870 het hy die Volksraad in kennis gestel dat hy waarskynlik die volle tyd sou uitdien (The Friend, 9 en 16 Junie 1870).

eerste ampstermyn van president Brand op 2 Februarie 1869 verstreke sou wees en daar gedurende hierdie tyd geen Volksraadsitting sou wees nie. Die probleem kon op twee maniere opgelos word, naamlik om óf 'n buitengewone sitting van die Volksraad te belê om die president in te sweer, óf om sy ampstermyn te verleng. Aangesien eersgenoemde uitweg sou meebring dat daar dan elke vyf jaar 'n buitengewone sitting van die Volksraad vir die doel sou moes plaasvind en dit veel koste sou meebring, is besluit om met toestemming van president Brand, sy ampstermyn te verleng tot op die eerste Maandag in Mei 1869.[199] Tog het die Vrystaatse Volksraad in die geval van president Reitz, wat weens die oorlye van Brand, op 10 Januarie 1889 tydens 'n buitengewone sitting van die Volksraad ingesweer is, en wie se ampstermyn dus op 10 Januarie 1894 vertreke sou wees, weer 'n buitengewone sitting op laasgenoemde datum belê om die herkose Reitz te beëdig.[200] Vanweë onvoorsiene omstandighede kon president Kruger, wie se tweede ampstermyn op 8 Mei 1893 verstreke was, nie op dié datum ingesweer word nie. Die Uitvoerende Raad het aan die Volksraad voorgestel dat Kruger se ampstermyn verleng moes word totdat die beëdiging kon plaasvind.[201] Presies dieselfde het in 1869 met president Pretorius gebeur.[202] Sommige Volksraadslede was nie ten gunste van so 'n reëling nie omdat dit teen die Grondwet sou wees, en het gemeen dat die visepresident tydens die interim moes optree,[203] maar eindelik het die Volksraad met meerderheid van stemme besluit om aan die voorstel van die Uitvoerende Raad uitvoering te gee.[204] Ongetwyfeld het albei Volksrade met hierdie besluite buite die perke van hulle bevoegdhede, soos deur die onderskeie Grondwette aan hulle verleen, gehandel.[205] Die saak sou in orde gewees het as Brand tydens die interim as waarnemende president benoem is want in die Konstitusie van die O.V.S. was nie definitiewe reëls neergelê aangaande bepaalde persone wat die amp moes

---

199) Volksraadsnotule (O.V.S.), 9 Junie 1868.

200) Ibid., 1 Junie 1893.

201) E.V.R.R.987/93: Staatssekretaris aan Volksraad, d.d. 8 Mei 1893.

202) E.V.R.8: Volksraadsnotule (Z.A.R.), art.40, 10 Mei 1869.

203) Notule Eerste Volksraad, art.60, 8 Mei 1893.

204) Ibid., art.61.

205) Vgl. ook The Friend, 19 Junie 1868 (hoofartikel).

vervul as daar geen staatspresident was nie. In die Z.A.R. was daar egter 'n vise-president wat in die plek van die afgetrede president kon tree. Ook in die geval van Pretorius in 1869 het die Grondwet voorsiening gemaak, en moes die oudste lid van die Uitvoerende Raad die pos waargeneem het totdat die nuwe inswering kon plaasvind.

Albei Republieke se Grondwette het die herkiesbaarheid van die staatspresident bepaal.[206)] Hoewel die bepaling nie voor 1877 in die Grondwet van die Z.A.R. opgeneem is nie,[207)] is die beginsel alreeds in die praktyk toegepas met die herkiesing van Pretorius in 1864 en 1869. Gevolglik was daar geen beperking op die aantal ampstermyne wat 'n president kon dien nie en is Kruger in 1898 vir die vierde agtereenvolgende termyn as staatspresident van die Z.A.R. ingesweer terwyl die onderskeiding vir Brand te beurt geval het om vyf agtereenvolgende kere as president van die O.V.S. gekies te word. In hierdie opsig het die Boere-republieke van die V.S.A. verskil, waar na aanleiding van die optrede van die eerste president, George Washington, die gewoonte by die Amerikaanse presidente ontstaan het om hulle na 'n tweede ampstermyn nie weer verkiesbaar te stel nie.[208)]

Weliswaar het daar in die Z.A.R. stemme opgegaan teen die aanhoudende herkiesbaarheid van 'n staatspresident, maar sonder enige gevolg. Die kommissie wat in 1877 deur die Vrystaatse Volksraad benoem is om rapport te lewer oor watter verbeteringe in die Konstitusie aangebring kon word,[209)] het in 1878 'n gewysigde Konsepkonstitusie[210)] aan die Volksraad voorgelê, waarvan artikel 32 as volg gelui het:

> "De Staatspresident zal voor vier achtereenvolgende jaren gekozen worden, en slechts eenmaal herkiesbaar zyn."

In die pers is voorspel dat hierdie bepaling 'n dooie

---

206) Konstitusie (O.V.S.), 1854, art.28.

207) Toevoeging tot Grondwet, 15 Maart 1877, art.1. (Locale Wetten der Z.A.R., 1849-1885, bll.679 e.v.).

208) H.J.Laski: Aspects of American Government, bl.3. Hierdie gewoonte is in 1940 deur Roosevelt verbreek toe hy vir die derde keer en in 1944 vir die vierde keer as Amerikaanse president ingesweer is.

209) Volksraadsnotule (O.V.S.), 11 Mei 1877.

210) Gepubliseer in Gouvernements Courant, 17 Okt.1877.

letter sou wees en dat die kanse om hierdie wysiging deur die Volksraad goedgekeur te kry uiters gering was, en het gemeen dat die kommissie waarskynlik self nie eers geweet het waarom hulle die wysiging aanbeveel het nie.[211] In elk geval is die Konsep nie behandel nie[212] en het die Volksraad die bestaande Konstitusie self nagegaan met die doel om dit te verbeter. Aangesien geen beswaar teen artikel 30 geopper is nie, is die bepaling omtrent die herkiesbaarheid van die president onveranderd gelaat.[213]

In 1892 het by die Eerste Volksraad van die Z.A.R. twee memories ingekom, waarin versoek is dat die Grondwet na Amerikaanse voorbeeld gewysig moes word, sodat dit vir 'n staatspresident onmoontlik sou wees om langer as twee termyne van vier jaar elk te dien, want

> "als iemand langer besturen zoude dat onrepubliek zyn, en gelyke staan aan een monarch ...."[214]

Nodeloos om te sê, het die Volksraad nie aan die versoeke voldoen nie.[215] Ook hoofregter Kotze het dit in 'n ope brief aan president Kruger as sy opinie uitgespreek dat 'n president, soos in Amerika, nie langer as twee ampstermyne behoort te dien nie.[216] As kandidaat in die 1893-verkiesing sou dit hom natuurlik baie goed gepas het as Kruger nie weer verkiesbaar was nie.

(b) Salaris, toelae, pensioen.

Oor die kwessie van salaris, toelae en pensioen, verbonde aan die amp van die staatspresident, is daar in albei Boere-republieke heelwat opinies gewissel. Hierdie opinies was meestal van twee groepe persone afkomstig, naamlik aan die een kant van die burgers wat die skaarste aan geld gevoel en steeds gemeen het dat die staatspresident se salaris te hoog was, en aan die ander kant van die meer verligte gedeelte van die bevolkings van die Republieke, wat voortdurend vir 'n genoegsame salaris en toelae vir die staatspresident gepleit het omdat hulle besef het hoedanige uitgawes aan die bekleding van so 'n betrekking verbonde was.

---

211) The Friend, 9 Mei 1878 (hoofartikel).
212) Kyk Volksraadsnotule (O.V.S.), 16 Mei 1878.
213) Ibid., 21 Mei 1878.
214) E.V.R.R.849/92; E.V.R.R.850/92: Albei memories, d.d. Kaapsche Goudvelden, 15 en 21 April 1892 onderskeidelik.
215) Notule Eerste Volksraad, art.1025, 2 Aug.1892.
216) Brief in De Volksstem, 9 Aug. 1892.

In die Z.A.R. is die jaarlikse salaris van die president in 1858 deur die Grondwet op Rds.5333-2-4 (£400) bepaal, op voorwaarde dat dit, namate die staatsinkomste sou toeneem, verbeter sou word.[217] Aan sy Vrystaatse kollega was 'n jaarlikse inkomste van £600 toegesê.[218] So swak was die finansiële posisie van die Z.A.R. egter dat op 6 Februarie 1860 die staat 'n bedrag van Rds.3119-3-4 aan agterstallige salaris aan president Pretorius verskuldig was.[219] Teen 1864 was die toestande blykbaar so verbeter dat die Volksraad kon besluit om die salaris van die president te verhoog tot Rds.10666-5-2 (£800),[220] en in 1869 is dit op versoek van Pretorius verder verhoog tot £1000.[221] In die O.V.S. is die salaris vanaf die ampsaanvaarding van president Brand in Februarie 1864 verhoog tot £1200,[222] nadat vier maande tevore, toe ook van 'n verhoging sprake was, besluit is om die salaris op £600 te laat.[223] Die Volksraad het met sy besluit van 20 Junie 1863 getoon dat hulle besef het dat hulle nie 'n man soos Brand aan die hoof van hulle staat sou kry indien die salaris op £600 gelaat word nie. Na die koms van Burgers na die Z.A.R. is die salaris van die staatspresident verhoog tot £1500 per jaar.[224] In 1876 was hierdie salaris nog onveranderd.[225]

Teen die verhoging van die Vrystaatse president se salaris na £1200 het baie gou protes by die Volksraad ingekom vanweë

> "het land zoo zeer verarmd is, dat byna de helft van de inwooners zoo goed als in hongersnood leeft, en er vele zyn, die niet zooveel hebben om hunne Recognitie penningen te betalen ...."[226]

Hierdie memorialiste het versoek dat die salaris op £800 gestel moes word, maar die Volksraad kon nie aan die versoek voldoen nie omdat hulle die vermindering van die salaris waarteen 'n staatspresident die amp aanvaar het,

---

217) Grondwet (Z.A.R.), 1858, art.222.
218) Volksraadsnotule (O.V.S.), 13 Sept.1854. (S.A.Argiefstukke, O.V.S., no.1, bl.82).
219) R.2532/59: Rekeningstaat i.v.m. presidentsalaris.
220) E.V.R.6B: Volksraadsnotule (Z.A.R.), art.100, 26 Sept. 1864.
221) E.V.R.8: Ibid., art.70, 18 Mei 1869.
222) Volksraadsnotule (O.V.S.), 20 Junie 1863.
223) Ibid., 26 Feb. 1863.
224) E.V.R.11: Volksraadsnotule (Z.A.R.), art.122, 9 Junie 1873 (Byvoegsel tot Staatscourant, 8 Julie 1873).
225) E.V.R.12: Ibid., art.119, 7 Junie 1876.
226) Bylae by Volksraadsnotule (O.V.S.), 1864: Memorie aan Volksraad, d.d. 21 Junie 1863 (C.N.Venter en 34 ander).

as 'n skending van die goeie trou van die Raad teenoor so 'n president beskou het.[227)]

Toe Brand in 1868 weer deur die Volksraad gevra is om hom verkiesbaar te stel, het hy die Volksraad verwittig dat hy dit alleen sou kon doen as hulle sy salaris met £300 sou verhoog, wat in koloniale geld aan hom uitbetaal moes word.[226)] Daarteen het die Volksraad geen beswaar gehad nie maar uit die besluit van die Volksraad blyk dit dat hierdie verhoging 'n persoonlike tegemoetkoming aan Brand was en nie sou geld as 'n ander staatspresident gekies sou word nie.[229)] Vier jaar later is die salaris van die Vrystaatse president verhoog tot £3000 per jaar, betaalbaar in Engelse ponde sterling, of in Vrystaatse geld van gelyke waarde.[230)] Die pers, wat hierdie verhoging saam met die Volksraadslede toegejuig het, het daarin 'n onmiskenbare getuienis vir die populariteit van Brand gesien en het dit geïnterpreteer as 'n daad wat daarvan getuig dat Brand die vertroue van die Volksraad sowel as die publiek verwerf het. Die Volksraad was op hierdie stadium bereid om liewer alles op te offer as om die bekwame dienste van Brand te verloor.[231)] Dat hierdie bedrag vir Brand nie voldoende was om aan sy verpligtinge te voldoen nie, blyk uit sy versoek aan die Volksraad in 1875 om aan hom 'n lening van £2400 toe te staan, 'n versoek waaraan die Volksraad na lang bespreking met meerderheid van stemme voldoen het.[232)] In die volgende jaar was die salaris van die president weer ter sprake toe Brand uitstel vir die terugbetaling van die eerste paaiement van £600 op die lening moes vra, en toe is in die Volksraad daarop gewys dat die salaris van £3000 vir die president van so 'n klein staatjie soos die O.V.S. voldoende behoort te wees aangesien die president van die V.S.A. maar £3700 ontvang. Die Volksraad was nie tot enige verdere toegewings bereid nie en het besluit dat die agterstallige saam met die volgende paaiement in die loop van die lopende

---

227) Volksraadsnotule (O.V.S.), 24 Feb. 1864.
228) Ibid., 6 Junie 1868.
229) Ibid., 9 Junie 1868. Kyk ook i.v.m. die hele kwessie van hierdie verhoging hoofartikels in <u>The Friend</u>, 9 en 16 Junie 1870.
230) Volksraadsnotule (O.V.S.), 7 Junie 1872.
231) <u>The Friend</u>, 20 Junie 1872 (hoofartikel).
232) Volksraadsnotule (O.V.S.), 15 Junie 1875.

diensjaar terugbetaal moes word.[233] In 1879 is die saak van salarisse weer deur 'n kommissie ondersoek, en is op hulle aanbeveling die salaris van die president weereens op £3000 vasgestel.[234] Vir die res van die bestaan van die Republiek van die O.V.S., hoewel nog heelwat wrywing tussen staatspresident en Volksraad voorgekom het,[235] het die salaris onveranderd gebly, terwyl dit van tyd tot tyd met toelaes aangevul is.

In die Z.A.R. het die salariskwessie nie soveel wrywing veroorsaak nie. Met die anneksasie in 1877 het president Burgers 'n salaris van £1500 per jaar ontvang, maar na die herstel van die Republiek, toe weer 'n staatspresident gekies is, het die Volksraad ook aan die salaris, aan die amp verbonde, aandag geskenk. Anders as wat die geval in die O.V.S. was, was die Volksraadslede van die Z.A.R. almal ten gunste van 'n verhoging tot £2500, nie ter wille van die persoon nie, maar ter wille van die amp en waardigheid van die pos. Vanweë landsomstandighede was dit egter nie moontlik om die salaris so hoog te stel nie en is met meerderheid van stemme op £2000 per jaar besluit. Die persone wat in die minderheid gestem het, het laat notuleer dat hulle dit gedoen het omdat hulle ten gunste was van £2500, en ander, omdat

> "het toekennen van het nu bepaalde salaris een affront is voor 't land."[236]

Nadat hy in 1884 van Engeland af teruggekeer het, wou die Volksraad by wyse van 'n geskenk van £1000 aan president Kruger hulle waardering betuig vir die dienste wat hy verrig het, maar hy het beleefd daarvoor bedank vanweë landstoestande en om die landsburgers tegemoet te kom.[237] Die Volksraad het egter nie van hulle voornemens afgesien nie en drie jaar later is die hono-

---

233) Ibid., 2 Junie 1876.

234) Bylae by Volksraadsnotule (O.V.S.), 1879: Rapport van kommissie, art.1, en Volksraadsnotule, 6 Junie 1879.

235) Vgl. bv. Volksraadsnotule (O.V.S.), 6 en 7 Junie 1883, 20 Aug. 1888, 6 en 8 Junie 1893; Bylae by Volksraadsnotule (O.V.S.), 1893, lêer 899: korrespondensie tussen pres. Reitz en Volksraad en rapport van kommissie; The Friend, 24 Junie 1886.

236) Volksraadsnotule (Z.A.R.), art.473, 27 Junie 1883; artt.475-476, 28 Junie 1883 (Byvoegsel tot Staatscourant, 30 Aug. 1883).

237) Ibid., art.648, 27 Sept. 1884 en art.661, 29 Sept.1884 (Byvoegsel tot Staatscourant, 6 Nov. 1884); ibid., artt. 769-770, 6 Okt. 1884 (ibid., 20 Nov. 1884); ibid., art.969, 20 Okt. 1884 (ibid., 11 Des.1884).

rarium aan Kruger toegeken,[238] waarvoor hy aan die liggaam sy grootste waardering betuig het.[239]

In 1888 het die Volksraad dit moontlik gevind om met meerderheid van stemme die salaris van die staatspresident van die Z.A.R. vanaf 1 Julie tot £4000 te verhoog,[240] 'n besluit wat by monde van kommandant-generaal Joubert die hoogste waardering van die Uitvoerende Raad uitgelok het.[241]

Met die toename van die geldmiddele van die staat, en ten gevolge van die hoë waardering wat ten opsigte van die presidentsamp gekoester is, het die kommissie wat die begroting vir 1889 moes nagaan, 'n brief van die lede van die Uitvoerende Raad ontvang, waarin gevra word dat die presidentsalaris op £10,000 per jaar gestel moes word.[242] Terselfdertyd is twee memories onder die aandag van die Volksraad gebring waarin 'n aansienlike verhoging van die salaris van die staatspresident versoek is.[243] Sonder enige bespreking het die Volksraad die saak deur middel van voorstelle beslis en eenparig besluit om die jaarlikse salaris, aan die presidentsamp verbonde, op £8000 te stel.[244] Teen hierdie verhoging het veral die Johannesburgse pers hom baie sterk uitgespreek en Kruger se salaris van £8000 vergelyk met lord Salisbury se £5000, Bismarck se £2700 plus 'n huis, en sir Gordon Sprigg se £2700.[245] Die nodigheid van so 'n verhoging kon nie ingesien word nie,

> "seeing that he (d.i. president Kruger) keeps up no more state at the Presidency than he would do on his farm ... (it) is indeed, both in itself and by comparison, a crying scandal."[246]

---

238) Volksraadsnotule (Z.A.R.), art.745, 28 Junie 1887; artt. 746-747, 29 Junie 1887. (Byvoegsel tot Staatscourant, 3 Aug. 1887).

239) Ibid., art.778, 30 Junie 1887. (Ibid., 14 Swpt.1887).

240) Ibid., art.573, 22 Junie 1888. (Ibid., 22 Aug.1888).

241) Ibid., art.574.

242) Hierdie brief, d.d. 1 Junie 1889, wat deur die begrotingskommissie by die Volksraad ingedien is, is opgeneem in Volksraadsnotule (Z.A.R.), art.630, 1 Julie 1889. (Byvoegsel tot Staatscourant, 3 Julie 1889).

243) V.R.R.208/89: Memorie aan Volksraad, d.d. Johannesburg, 2 Mei 1889 (145 ondertekenaars) en V.R.R.228/89: ibid., d.d. Pretoria-distrik, 1 Mei 1889 (37 ondertekenaars).

244) Volksraadsnotule (Z.A.R.), art.634, 2 Julie 1889. (Byvoegsel tot Staatscourant, 10 Julie 1889).

245) The Digger's News, 13 Julie 1889.

246) The Star, 12 Julie 1890.

Vanweë die ontwikkeling van die Z.A.R. het die werksaamhede van die Uitvoerende Raad so toegeneem dat dit in 1893 nodig geword het om verligtingsmaatreëls te tref. 'n Kommissie, vir die doel saamgestel, het 'n rapport met aanbevelings te dien einde aan die Eerste Volksraad voorgelê en nadat die Raad daaraan gevolg gegee het, het president Kruger

> "zich gedwongen gevoelde den Raad hartelyk dank te zeggen, voor de gewilligheid om den Uitvoerende Raad en Regering te hulp te komen en te meer verblydde Z.H.Ed. zich daarover, omdat die geest van gewilligheid den geheelen Volksraad heeft bezield. Uit dankbaarheid was Z.H.Ed. van plan om wanneer de nog onafgehandelde rubrieken van de Begrooting aan de orde kwamen, zelf voor te stellen, zyn salaris te verminderen."[247)]

Die Staatspresident het aan die belofte uitvoering gegee en twee dae later aan die Raad voorgestel dat sy salaris met £1000 verminder moes word.[248)] Hierdie aanbod is deur die Volksraad aanvaar nadat eers 'n voorstel om die salaris te laat soos dit was, afgestem moes word.[249)] Toe 'n aantal burgers gedurende die volgende jaar weer teen die reusagtige salaris van die staatspresident geprotesteer het,[250)] het die Volksraad hulle op die gebaar van Kruger gewys om self van £1000 van sy salaris afstand te doen en het hulle geen kans gesien om dit verder te verminder nie.[251)] Gedurende die laaste paar jaar van die Republiek se bestaan, het geen verdere salaris-verandering plaasgevind nie.

Aanvanklik is in die Z.A.R. geen voorsiening vir enige toelae, soos reis- en ander toelae, vir die staatspresident gemaak nie,[252)] maar na die herstel van die Republiek is in 1882 by wyse van wetgewing bepaal dat indien

---

247) Notule Eerste Volksraad, art.1213, 29 Aug. 1893.

248) E.V.R.R.1355/93: Pres. Kruger aan Eerste Volksraad, d.d. 1 Sept. 1893.

249) Notule Eerste Volksraad, artt.1306-1307, 5 Sept.1893.

250) E.V.R.R.464/94: Memorie aan Eerste Volksraad, d.d. Wakkerstroom, Maart 1894 (72 handtekeninge).

251) Notule Eerste Volksraad, art.1384, 17 Aug.1894; ibid., art.1388, 18 Aug. 1894.

252) Op 22 April 1859 het Pretorius vergoeding van sy reiskoste versoek (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.4, bl.309). Die Volksraad het die behandeling van die brief uitgestel (Volksraadsnotule, art.79, 22 Sept. 1859 - S.A.Argiefstukke, ibid., bl.29). Geen verdere spoor van die behandeling van die brief kon egter gevind word nie.

die staatspresident in die uitvoering van sy amp op reis moes gaan, hy geregtig sou wees op 'n onderhoudstoelaag van £2 per dag,[253] terwyl ook spesiale tariewe vir die huur van 'n kar en perde neergelê is.[254] In 1885 is by wyse van memories by die Volksraad aangedring op 'n vermindering van die reistoelaag-tariewe vir amptenare, en het die Volksraad nie alleen op 'n vermindering van 25% besluit nie,maar is ook aan die Regering opgedra om die hele aangeleentheid te ondersoek en by die volgende sitting gewysigde tariewe voor te lê.[255] Die resultaat van die ondersoek was die vermindering van die daaglikse onderhoudstoelaag vir die staatspresident tot £1-10-0, terwyl die reistoelaag vir elke dag verminder is tot: vir elke perd, 5/9; voer, 2/3 en 3/9 vir 'n kar.[256] In die volgende jaar was die Regering egter verplig om die Volksraad te versoek om die bepalings van Wet 3/1882 weer te herstel.[257] Na 'n lang bespreking[258] is op 28 Julie 1887 besluit om die tariewe, bepaal in Wet 3/1882, weer van toepassing te maak.[259] Geen verdere verandering is ooit weer aangebring nie.

Behalwe 'n woningtoelaag van £300 per jaar, omdat hy in sy eie huis gewoon het, wat president Kruger ontvang het,[260] het die staatspresident van die Z.A.R. geen ander toelae ontvang nie en moes hy vir alle ander uitgawes, ook vir dié wat deur sy staatshoofskap meegebring is, op sy salaris staatmaak.

In die O.V.S. was die oorspronklike bedoeling

---

253) Wet 3/1882, afd. I(1). (Locale Wetten der Z.A.R., 1849-1885, bl.1096).

254) Ibid., afd. II(1). (Ibid., bl.1097). Nl. per dag 7/6 vir een perd, 3/- vir voer en 5/- vir 'n kar. 'n Maksimum van twee perde word toegelaat, terwyl as van meer perde gebruik gemaak word, spesiale toestemming verkry moes word.

255) Volksraadsnotule (Z.A.R.), art.755, 8 Julie 1885 (Byvoegsel tot Staatscourant, 12 en 19 Aug.1885); ibid., art.757, 9 Julie 1885 (Locale Wetten der Z.A.R.,1849-1885, bll. 1365-1366). Vir memories, kyk V.R.R. 169/85, 147/85, 67/85, 54/85.

256) Wet 7/1886, afd. I en II. (Locale Wetten der Z.A.R., 1886-1887, bll.28-29).

257) V.R.R.304/87: Staatssekretaris aan Volksraad, d.d. 28 Junie 1887.

258) Volksraadsnotule (Z.A.R.), artt. 1019-1021, 11 Julie 1887. (Byvoegsel Staatscourant, 23 Sept. 1887).

259) Kyk ibid., artt. 1322-1323, 28 Julie 1887 (ibid., 9 Nov. 1887) en Wet 14/1887 (Locale Wetten der Z.A.R., 1886-1887, bll. 159 e.v.).

260) Aan president Burgers, net soos aan die Vrystaatse presidente, is 'n woning deur die staat verskaf.

dat die staatspresident alle reiskoste wat hy in ampshoedanigheid in die binneland aangaan, uit sy salaris moes betaal, terwyl buitengewone reiskoste deur die staat vergoed sou word.[261] Tydens dieselfde sitting is besluit om aan president Brand £200 per jaar vir amptelike reise toe te staan,[262] 'n bedrag wat blykbaar nog ontoereikend was.[263] Toe die president se salaris in 1872 tot £2000 verhoog is, was die gedagte weer dat hy daaruit vir sy reiskoste moes goedstaan,[264] maar in 1879 het Brand dit as voorwaarde tot sy ampsaanvaarding gestel dat weer afsonderlike voorsiening vir sy reiskoste gemaak moes word.[265] Daarvoor was die Volksraad egter nie te vinde nie en het hulle die standpunt gehandhaaf dat hy die reiskoste uit sy salaris moes betaal.[266] 'n Jaar later het die Volksraad egter anders oor die saak gedink en het hulle besluit dat die president voortaan nie meer self die reiskoste hoef te betaal nie, maar dat die staat dit vir sy rekening sou neem.[267] Daarmee was die saak blykbaar finaal beslis.

In 1891 is 'n splinternuwe saak in die O.V.S. aangeroer toe die pers gewys het op die noodsaaklikheid van die toekenning van 'n tafelgeld of onthaal-toelaag aan die staatspresident.[268] Die saak het egter eers in 1893 'n weerklank in die Volksraad gevind toe aan president Reitz so 'n tafelgeld van £600 per jaar toegestaan is in plaas van 'n salaris-verhoging.[269]

Toe die oorlog in 1899 uitgebreek het, was die posisie dus so dat die presidente van die Z.A.R. en O.V.S. onderskeidelik aan kontant die bedrae van £7300 en £3600 ontvang het.

Ten opsigte van 'n pensioen vir die staatspresident wanneer hy nie weer herkies sou word of vanweë gesondheidsomstandighede miskien gedwonge sou wees om sy amp neer te lê, is elke saak in albei Republieke op eie meriete behandel. In die O.V.S. het dit slegs president

---

261) Volksraadsnotule (O.V.S.), 1 Maart 1866.
262) Ibid., 1 Junie 1866.
263) Vgl. The Friend, 15 Junie 1866 (hoofartikel).
264) Vgl. Volksraadsnotule (O.V.S.), 2 Junie 1876.
265) Ibid., 6 Mei 1879.
266) Ibid., 6 Junie 1879.
267) Ibid., 4 Mei 1880.
268) The Friend, 5 Mei 1891 (hoofartikel).
269) Vgl. Volksraadsnotule (O.V.S.), 8 Junie 1893.

Brand gegeld. In sy geval het die Volksraad op sy versoek besluit dat ŉ lewenslange pensioen van £1000 per jaar aan hom uitbetaal sou word indien hy na twintig jaar diens nie weer herkies sou word of vóór die tyd deur siekte gedwing sou word om af te tree.[270] In die Z.A.R. het die beginsel gegeld dat aan ŉ staatspresident wat nie weer herkies sou word nie of om gesondheidsredes moes aftree, ŉ bonus toegeken sou word.[271] In 1894 het die Regering van die Z.A.R. vir die derde keer ŉ poging aangewend om ŉ pensioenwet, waarin ook vir ŉ pensioen vir die staatspresident voorsiening gemaak word, op die wetboek van die land te kry.[272] Memories teen die Konsepwet, onderteken deur ongeveer 3000 burgers, het by die Eerste Volksraad ingestroom, met die gevolg dat die Raad wat self nie baie in hulle skik met so ŉ wet was nie, dit nie wou goedkeur nie.[273] In 1897 is die Konsep-pensioenwet weer van die hand gewys[274] maar in 1899 is ŉ wet aangeneem, waarin ook vir ŉ pensioen vir die staatspresident voorsiening gemaak word, mits hy net soos die ander amptenare ook sy deel tot die pensioenfonds sou bydra.[275] Van hierdie pensioenskema sou geen president egter meer kon gebruik maak nie.

(c) Verlof om buite die grense van die land te gaan.

Vanaf die aanvaarding van die Grondwet van die Z.A.R., het dit ŉ bepaling bevat dat die staatspresident hom nie buite die grense van die land mog begeef sonder die toestemming van die Volksraad nie.[276] Dit het vir nie- amptelike sowel as amptelike besoeke gegeld. Tydens die presidentskap van Burgers is hierdie bepaling, vanweë die feit dat die Volksraad nie altyd bekombaar was as die president skielik en dringend buite die grense moes gaan nie, sodanig gewysig dat die toestemming van

---

270) Ibid., 6 Mei 1879.

271) Kyk Notule Eerste Volksraad, art.1282, 20 Sept.1899.

272) Kyk Konsep-pensioenwet (Staatscourant, 7 Feb.1894).

273) Notule Eerste Volksraad, artt. 583, 593, 23 Junie 1894; ibid., artt. 594-595, 25 Junie 1894.

274) Ibid., art. 434, 1 Julie 1897.

275) Vgl. ibid., artt. 1282-1283, 20 Sept. 1899; artt. 1294 en 1299, 20 Sept. 1899; artt. 1304-1306, 21 Sept. 1899; art. 1379, 26 Sept. 1899. Kyk ook Wet 16/1899 (Pensioenwet) in Locale Wetten der Z.A.R., 1899, bll. 61 e.v.

276) Grondwet (Z.A.R.), 1858, art. 63.

die Uitvoerende Raad daarvoor gevra kon word.[277] In 1881 het die Uitvoerende Raad voorgestel dat dié ligaam alleen al sodanige verlof moes verleen,[278] maar die Volksraad het gevoel dat sy reg om hierdie verlof toe te staan nie sommer so goedsmoeds uit sy hande kon raak nie,[279] en om genoemde beswaar te oorkom, is besluit dat die president wel deeglik die toestemming van die Volksraad moes verkry, maar dat die Uitvoerende Raad die reg sou hê om in dringende gevalle vir private aangeleenthede aan die president sodanige verlof te verleen.[280] Met die instelling van die Tweede Volksraad is die reg wat vroeër deur die Volksraad uitgeoefen is, oorgedra aan die Eerste Volksraad.[281]

Die Z.A.R. het egter nie veel te doen gekry met verlof-aansoeke van presidente, wat die land vir 'n lang tyd vir private aangeleenthede wou verlaat nie. Feitlik die enigste en klassieke geval was die van M.W.Pretorius in 1860, toe hy van die Volksraad vir 'n tydperk van ses maande verlof gevra het om na die O.V.S. te gaan.[282] Hierdie verlof is toegestaan, maar of hy salaris vir die tydperk sou ontvang, is nie duidelik nie omdat die Notule niks daarvan vermeld nie.

Omdat die O.V.S.-presidente feitlik almal van buite die Republiek afkomstig was en ook elders belange gehad het, het die Vrystaatse Volksraad telkens met aansoeke om verlof van afwesigheid vir kortere of langere tydperke - soms vir 'n paar maande - te doen gekry. Die beleid van die Volksraad was om sodanige aansoeke toe te staan met die voorbehoud dat die president vir die verloftydperk, wanneer hy vir private aangeleenthede afwesig is, slegs die helfte van sy salaris sou ontvang.[283]

---

277) Kyk Regeringskennisgewing i.v.m. bylae tot Grondwet, 1877, hoofstuk 1, art.6 (<u>Locale Wetten der Z.A.R., 1849-1885</u>, bl.680). Hierdie reëling was alreeds vanaf 1873 in swang. (E.V.R.11: Volksraadsnotule, art. 43, 12 Maart 1873).

278) Brief van Staatssekretaris aan Volksraad, opgeneem in Volksraadsnotule, art.82, 8 Okt. 1881 (<u>Staatscourant</u>, 18 Okt. 1881).

279) Volksraadsnotule (Z.A.R.), art.99, 12 Okt.1881.

280) Wet 3/1881, art.5 (<u>Locale Wetten der Z.A.R.,1849-1885</u>, bl.1026); Grondwet, 1889, art.58 (ibid.,1888-1889, bl.181).

281) Wet 2/1896, art.83 (ibid., 1896, bl.44).

282) Volksraadsnotule (Z.A.R.), art.10, 1 Feb. 1860. (<u>S.A. Argiefstukke</u>, Tvl., no.4, bl. 36).

283) Volksraadsnotule (O.V.S.), 22 Feb.1859, 3 Maart 1863.

Die besluit van 3 Maart 1863 is in 1877 op die wetboek geplaas.[284)] Van hierdie beleid en wetsartikel is egter telkens deur die Volksraad afgewyk deur in individuele gevalle te besluit dat 'n staatspresident sy volle salaris sou ontvang as hy vir private aangeleenthede uit die land afwesig is.[283)] Hierdie optrede moet as heeltemal persoonlike tegemoetkomings beskou word.

Die Konstitusie van die O.V.S. het nie, soos die Grondwet van die Z.A.R. 'n bepaling bevat dat die president verlof van die Volksraad moes verkry alvorens hy buite die land kon gaan nie. Tot 1892 het die afwesigheid van so 'n bepaling egter geen moeilikheid opgelewer nie, want die Volksraad sowel as die vorige staatspresidente het eenvoudig aangeneem dat dit so hoort.[286)] In 1892 het president Reitz egter die Volksraad versoek om hom die reg te verleen om die land op sodanige tye as wat hy van tyd tot tyd nodig mag ag, in belang van die land of vir private doeleindes te verlaat. Toe die Volksraad hom, kragtens die gewoonte wat al jare lank bestaan het, geantwoord het dat hy elke keer wanneer hy die land wou verlaat, toestemming van die Volksraad moes vra, het hy sy bedanking ingedien omdat die Volksraad dan nie vertroue in hom sou gehad het nie. Dit het byna tot ernstige moeilikhede aanleiding gegee, maar gelukkig kon die saak betyds beredder word en het Reitz ingestem om hom by die reëling neer te lê.[287)]

Nie een van die twee Republieke het vir gewone vakansie-verlof vir hulle presidente voorsiening gemaak nie, sodat elke aansoek telkens op eie meriete behandel moes word.

(d) Ander betrekkings.

'n Bepaling wat alleen in die Grondwet van die Z.A.R. voorkom en deurgaans daarin gebly het, was dat die staatspresident, solank hy die amp beklee, geen ander betrekking of kerklike amp mog aanvaar en geen handel

284) Ordonnansie 8/1877 (O.V.S.), art.2.

285) Volksraadsnotule (O.V.S.), 6 Mei 1879, 12 Mei 1888.

286) Kyk ook Scholtz: a.w., bl.38.

287) Vir hierdie hele aangeleentheid, kyk Aanspraak van pres. Reitz, paragraaf 28 (opgeneem in Volksraadsnotule (O.V.S.), 2 Mei 1892); Volksraadsnotule (O.V.S.), 30 Mei 1892, 1 Junie 1892, 2 Junie 1892; Bylae by Volksraadsnotule (O.V.S.), 1892, lêer 899. The Friend (6 Junie 1893) het die houding van die Volksraad skerp gekritiseer en het verklaar dat van alle persone in die staat, bandiete uitgesonder, die staatspresident die minste vryheid het.

*mog* dryf nie.[288] Dit was vir die Republiek net een keer nodig om hierdie artikel toe te pas, naamlik toe Pretorius hom in 1860 ook as president van die O.V.S. laat insweer het.[289]

5. Uitdienstreding.

Die staatspresidente van die O.V.S. sowel as van die Z.A.R. kon op een van drie maniere uit diens tree:

(a) deur hom na verstryking van sy ampstermyn nie weer herkiesbaar te stel nie;
(b) deur bedanking[290] en
(c) wanneer die Volksraad hom uit sy amp ontslaan.[291]

---

288) Grondwet (Z.A.R.), 1858, art.63; Wet 2/1896, art.83 (Locale Wetten der Z.A.R., 1896, bl.44).

289) Kyk Volksraadsnotule (Z.A.R.), artt.48-49, 9 April 1860, en R.3556/60, no.75: Fung. pres. Grobler aan M.W.Pretorius, d.d. 23 April 1860 (S.A.Argiefstukke. Tvl., no.4, bll.49 en 347 onderskeidelik); Volksraadsnotule (Z.A.R.), art.75, 15 April 1862 (ibid., bl.119). Kyk ook The Friend, 23 Nov. 1860 (hoofartikel).

290 & 291) Meer besonderhede in hoofstuk VIII van hierdie werk,